

Voorgestelde suider Afrikaanse voëlnaamlys

© Afrikaanse wêreldlys

Maart 2008

English summary: This document contains a proposed list of updated Afrikaans bird names for southern Africa and explains the reasoning used in arriving at these names. This southern African list forms part of a larger initiative, similar to current projects in other European languages, which aim to develop world lists in their own languages. This requires reconsideration of some names in previous lists to maximise clarity and avoid ambiguity.

Please note that the list is a discussion document and sole initiative of the two authors, wherein the FitzPatrick Institute is not involved. The Institute agrees to posting the list on the Institute's website which hosts other lists of southern African bird names in languages other than English. The posting of the present document does not imply its automatic acceptance or replacement of lists previously compiled and placed on the web site.

The document consists of three parts. It first explains the reasons for setting up the list, and lists a set of rules which gives a rough framework for decisions. This is followed by the full proposed list, set against a recent Afrikaans list. Red notes in the proposed list indicate the proposed changes. The third section explains the precedents and reasons for each name which differs from recent lists. Comments on the list are welcomed and can be directed to J.M. Kriek, mostert1@iafrica.com (Faerie Glen, Pretoria), or T.A. Gous (Heldervue, Somerset West), tagous@iafrica.com.

Hierdie dokument bevat die lys van suider Afrikaanse voëlname wat voorgestel word vir algemene gebruik. Dit sluit aan by 'n lys wat tans die spesies van Afrika, die Indiese Oseaan, wes-Palearktiese en ander gebiede insluit. Die suider Afrikaanse lys word vir 'n beperkte tyd deur middel van hierdie webblad bekend gestel sodat voorstelle daarop ontvang kan word. Dit is reeds vanaf 2007 onder 'n groot getal Afrikaanssprekendes gesirkuleer en die reaksie wat daarop ontvang is, word deels weërspieël in hierdie weergawe. Dit is wel moontlik om 'n effens meer konserwatiewe lys voor te stel, maar daar word gestrewe na die minste dubbelsinnigheid en verwarring in die internasionale geval.

Hierdie besprekingsdokument is uitsluitlik die inisiatief van die twee outeurs, en die Fitzpatrick Instituut is nie by die opstel daarvan betrokke nie. Die Fitzpatrick Instituut stem in dat die lys op hul webblad geplaas word newens ander naamlyste van suider Afrikaanse voëls in verskeie tale. Die blote plasing van hierdie dokument impliseer nie as sulks die aanvaarding daarvan of die vervanging van enige lyste wat voorheen opgestel of op die webblad geplaas is nie.

Terugvoer en opmerkings op hierdie lys word verwelkom en kan gerig word aan J.M. Kriek (Faerie Glen, Pretoria, mostert1@iafrica.com), of T.A. Gous (Heldervue, Somerset Wes, tagous@iafrica.com).

Die samestellers

Die inhoud van hierdie lys word uiteindelik beslis deur twee samestellers, T.A. Gous en J.M. Kriek wat onafhanklik staan van enige organisasie of uitgewer. Die samestellers, met hulp en raad van verskeie vrywilligers, is tans die enigste onafhanklike samestellers, asook die enigstes wat vanaf Augustus 2005 tot op hede aktief was. Sekere lede en raadgewers van die projek is ook die persone wat voorheen voorstelle gelewer het wat algemeen in publikasies aanvaar is.

Vir hierdie weergawe van die lys is 'n groter getal Afrikaanssprekendes geraaldpleeg as by enige vorige inisiatief. In geheel is die lys van veel groter omvang as op enige vorige stadium, met meer as 6,500 groepe, spesies en subspecies waaraan name toegeken is. Dit maak deel uit van die beoogde wêreldlys van Afrikaanse voëlname en sekere diere name wat deurlopend saamgestel word. Die samestelling van die voëlnaamlys het in Augustus 2005 'n aanvang geneem en voltooiing word beoog vir 2009 - 2010.

Die besluite het dusvêr met 'n redelike eenstemmigheid gepaard gegaan, aangesien alle redelike voorstelle aandag geniet. Die finale besluite omtrent insluitings is geneem deur die promotors van die lys, T.A. Gous en J.M. Kriek.

Rede vir verdere ontwikkeling van die lys

Stark en Sclater se gidse van 1902 - 1906 toon 'n baie skrapse toekenning van Afrikaanse name, met sommige van die algemeenste spesies onbenaamd. Leonard Gill meld dan in sy 1936 voëlgids dat meeste spesies van die streek tot op hierdie tydstip nog nie oor *bruikbare* Afrikaanse name beskik het nie. Weliswaar is oordeelkundige toepassings van bestaande volksname gemaak, of name geleen uit Europese tale.

Daar moet afgelei word dat meeste name in die afgelope 70 jaar saamgestel is, en dat Gill en Austin Roberts die voortou hierin geneem het. Daarna is naamlyste telkens om verskillende redes in 'Roberts'-uitgawes, asook in OPM Prozesky se veldgids aangepas. Tussen Roberts uitgawes 4, 5 en 6 is telkens aansienlike aanpassings en verbeterings te bemerk.

Die hoofrede vir nuwe voorstelle is om te verseker dat die lys voëlkundig relevant bly. Indien die Afrikaanse lys nie gereeld teen 'n wêreldwye agtergrond hersien word nie, gaan dit blindelings aangepas of soos in die onlangse tyd geensins opdateer word nie.

Die voorbeeld word gevolg van verskillende wes-Europese tale waarvan die naamlyste van voëls en ander belangrike biota reeds aangepas is tot wêreldwye lyste. Die getal Afrikaanssprekendes is ook vergelykbaar met die bevolkings van hierdie kleiner Europese state. Naslaanbronne meld 6,4 miljoen Afrikaanse eerstetaalsprekers en 'n verdere 6,7 miljoen tweedetaalsprekers, waaronder vele buite suider Afrika gevestig is (sien bv. wikipedia).

Naamreëls

Daar is sekere reëls en standaarde wat algemeen gevolg word wanneer internasionale lyste opgestel word. Oor die algemeen lewer dit ook 'n lys van hoër akkuraatheid en eenvormigheid. Nietemin is die doelwit nie om van alle name volkome akkurate beskrywings te maak nie. Onnodige onakkuraatheid en verwarring word egter wel uitgeskakel. Die algemene reëls waarvolgens die Afrikaanse wêreldlys opgestel word, soos dit deels ontleen aan reëls van vergelykbare lyste, is soos volg:

1. Aan elke spesie word slegs een naam toegeken
2. Alle spesiename moet uniek wees
3. Sekere name uit vreemde tale is aanvaarbaar
4. Gevestigde name geniet voorkeur
5. Gevestigde, onvanpaste streeks- of volksname kan vervang word
6. Name wat aanstoot gee word nie weer ingevoer nie
7. Eenvoud en eenvormigheid word nagestreef
8. Die beskrywer 'Gewone' word binne perke gebruik
9. Germaanse tale vorm 'n riglyn vir eenvormigheid
10. Engelse name kan uitsluitelike waar verskillende opsies bestaan

Teen die bg. reëls gesien, en vergeleke met Europese lyste is vorige Afrikaanse lyste buitengewoon en inkonsekwent, soos uit die toepassing van die reëls sal blyk. Die toepassing van die reëls is egter nie rigied nie, en dit is slegs reel 2 waarop geen uitsondering toegelaat kan word nie.

• Reël 1: Een naam

Alle wêreldlyste pas Reël 1 toe. Die voorgestelde naam, of 'boeknaam', is met ander woorde nie 'n plaasvervanger of plekhouer vir volksname

nie. Dit is wel slegs 'n enkele toepassing uit 'n reeks volksname, waarvan 'n reeks volksname newens die 'boeknaam' kan voortbestaan. By alle alternatiewe wat voorheen gebruik is, word beslis watter een die mees gepaste sou wees.

sA lys: Die voorlaaste lys wend blykbaar 'n poging aan om sekere volksname te weerspieël en sluit 'n volle 26 alternatiewe name in. Die alternatiewe is inkonsekwent en sekere bekende Afrikaanse name word byvoorbeeld nie aangetoon nie. Daaronder is onder meer Kokerbek, Kormorant, Heilige ibis, Lemoenduif, Roerdomp, Lammergeier en Makou-eend. Die nuwe lys toon slegs 3 alternatiewe.

- **Reël 2: Unieke name**

Reël 2 bepaal onder andere dat wanneer 'n suider Afrikaanse spesie na taksonomiese hersiening as 'n ras van 'n ander spesie beskou word, dit daarom ook die Afrikaanse naam van die nuwe spesie sal aanneem. Dit is 'n verdere rede hoekom name binne die streek kan verander.

sA lys: Tans word die Swartrugmeeu bv. as 'n ras van die Kelpmeeu beskou. Indien volle spesiestatus toegeken sou word, sal die spesienaam na Swartrugmeeu aangepas word, en ook so in enige soortgelyke geval.

- **Reël 3: Leenname**

Wanneer 'n naam uit 'n vreemde taal lank genoeg in die Afrikaanse volksmond voortbestaan, word dit Afrikaans en kan dit aangewend word as die Afrikaanse naam. 'n Soortgelyke reël word ook in die Engelse lys aanvaar.

sA lys: Name soos Bateleur en Prinia bestaan in die volksmond en is so aangeteken. Dit kan gebruik word sonder vooroordeel om die naamwoordeskate te verbreed.

Name soos Hyliota en Kwelea het nie in die volksmond ontwikkel nie, maar is reeds ingevoer om die name -vlieëvanger en -vink te vervang. Vlieëvanger en vink was bloot nie voldoende om die verskeidenheid spesies te benoem nie. Die Hyliota is bv. nuttig om onderskeid te tref tussen 'n homogene en unieke groepie vlieëvangers teenoor die egte vlieëvangers, en is dan volkome aanvaar in die volksmond.

Soortgelyk word vyf name voorgestel om die verskeidenheid van voël-groepe aan te dui, naamlik Skua, Noddie, Elminia, Akalat en Maina wat spesifieke, kenmerkende genera van die Roofmeeue, Sterretjies, Vlieëvangers, Janfrederikke en Spreeus onderskei. Dit volg die voorbeeld van Europese tale en beïnvloed met die uitsondering van die Maina, nie die

name van bekende Suid-Afrikaanse spesies nie. Peddie, 'n naam van onsekere herkoms en betekenis word egter weggelaat.

- **Reël 4: Gevestigde name**

Dit is duidelik dat elke reël binne konteks toegepas moet word. So kan gevra word watter Afrikaanse name gevestig sou wees, as meeste name minder en dikwels veel minder as 70 jaar in gebruik is. Oor die algemeen kon 'n naam as meer gevestigd beskou word indien

- dit behoort aan 'n groot opvallende spesie,
- lank in gebruik is,
- nie een van 'n reeks alternatiewe is nie,
- en nie verwarrend is of op die verkeerde spesie toegepas word nie.

sA lys: Meeste van die spesies wat in die RSA voorkom se name word onveranderd gelaat, buiten waar die beskrywende voorvoegsel 'Gewone' met oordeel en vir vereenvoudiging weggelaat word. 'Gewone' kan ook binne die norme wat daarvoor gestel word, bygevoeg word. Die enkele veranderings word in die notas bespreek.

- **Reël 5: Streeks- en volksname**

Daar is talle erkende streeks- en volksname wat nie in die lys opgeneem word nie. Afrikaanssprekendes sal natuurlik voortgaan om diesulkes te gebruik in hul omgangstaal. Daar is ook 'n paar name wat soms wel opgeneem is, maar eerder deur beskrywende name vervang is.

So het OPM Prozesky bv. die verwarrende name Bosluisvoël, Woudapie en Wilde kalkoen glad nie gebruik nie, en Skoorsteenveër slegs as alternatief behou. Hy het onderskeidelik voorgestel dat Veereier, Kleinrietreier en die –ibis uitgang gebruik word. Die uitgang –voël, bv. in 'Kommandovoël', wat algemeen onder volks- en streeksname voorkom, word minder dikwels as boekname aangewend, aangesien dit soms nie uitslag lewer oor die groep waaraan die spesie behoort nie.

Om dieselfde rede het L. Gill gemeld dat Afrikaanse name dikwels bestaan, maar nie bruikbaar was nie.

sA lys: OPM Prozesky se voorgestelde name vir Kwêkwêvoël, Nimmersat en Skoorsteenveër word as presedente gebruik. Die uitgange –ooievaar en –ibis word gebruik as beskrywende en vereenvoudigende name vir die internasionale spesies wat soortgelyk aan die Nimmersat en Skoorsteenveër is. Spotvoël is reeds vervang met Spotsanger, en Kwêkwêvoël, kwalik 'n beskrywing van die roep of voëlgroep, word vervang met 'n akkurater Blêrsanger, n.a.v. Prozesky se 'Blêrtinktinkie',

wat beide die roep en vier spesies in die *Camaroptera* genus sal onderskei.

- **Reël 6: Sonder aanstoot**

Name wat om goeie rede aanstoot sal gee, bv. aan enige segment van die bevolking, kan nie gebruik word nie, of weer ingevoer word nie.

sA lys: Kaffertjie sou onderskeid tref tussen sekere lewerikke. Hierdie lewerikke word nou onderskei deur hulle te vernoem na bv. hul rugkleur. Witgatspreeu word nie as aanstootlik beskou nie, en sekere spesies buite die streek word soortgelyk benoem. Witgatruiter is egter 'n onlangse en onpassende afleiding van Witgatje en word vervang met Donkerruiter.

- **Reël 7: Eenvoud, eenvormigheid en akkuraatheid**

Die voorgestelde lys hou veral die beginner voëlkyker ingedagte deur die eenvoudigste name voor te stel, veral vir bekende SA spesies. Voorkeur word ook gegee aan name soos dit presies in die volksmond gebruik word. Afrikaanse name is dusvêr nie besonder suksesvol teenoor die Engelse name nie, en word dikwels daardeur verdring. Dit is o.a. weens die onoortuigende, verwarrende en dikwels onakkurate grondslag waarvolgens Afrikaanse name dusvêr saamgestel is.

- a) Byvoorbeeld is onnatuurlike beskrywings vooraan gewone name gevoeg, benewens oorbodige byvoegings agter aan die name.
- b) Soms is name ook aangelas by voriges tydens verandering. Die gevolg was tipies lang en onbeholpe name.
- c) In meer as een geval word habitatte foutief benoem.

sA lys:

- a) 'n 'Makpou' word bv. nooit so genoem in die volksmond nie, maar slegs Pou, sonder uitsondering. Ook nie 'Gewone Tarentaal' nie, maar net Tarentaal. Daar word dus gelet op die 'inslag' van 'n naam benewens die 'gevestigde' status wat 'n naam mag hê.

Ook is alle spesies op die lys wild, en geen spesie op die lys sal as 'Mak' beskryf word nie. Die naam Pou sal dan hoofsaaklik verwys na die bevolking in Asië, of waar 'n spesie ook al natuurlik mag voorkom. 'Wilde' is ook effens oorbodig en soms verwarrend. 'Wilde' 'kalkoen' is reeds vervang met Kalkoenibis, en volgens 'n soortgelyke voorstel word 'Makougans' voorgestel in die plek van 'Wildemakou'.

- b) Die eenvoudigste name word gereserveer vir RSA spesies. Daarom word nie van 'n 'Afrikaanse hoep-hoep' of 'Suidelike geelbekneusho-

ringvoël’ gepraat nie, maar slegs Hoep-hoep en Geelbekneushoring, waar neushoring terloops ‘n erkende wisselvorm is.

c) Akkuraatheid van name verbeter aanvaarbaarheid en geloofwaardigheid. Sien bv. notas [n98](#), [n124](#), [n126](#), [n128](#), [n134](#), [n153](#), [n154](#) en [n155](#) vir gevalle waar onakkurate habitatbeskrywings uitgelaat word of ‘n meer akkurate beskrywing bygevoeg word.

• **Reël 8: Gewone**

Die Nederlandse en Duitse wêreldlyste gebruik glad nie die woord ‘Gewone’ in hul internasionale lys nie. Dit is duidelik dat hierdie tale volkome daarsonder klaarkom. Die Engelse lys het ‘n reël ingevoer wat tot gevolg gehad het dat Common / Gewone gebruik word in elkeen van 71 gevalle waar ‘n naam nie ‘n onderskeidende beskrywer het nie.

sA lys: Daar is spesifieke en verskillende klagtes geopper deur gebruikers van die lys wat beweer het dat ‘Gewone’ oormatig gebruik word, naamlik 24 keer uit 900 name. Daar is besluit om die Franse voorbeeld te volg wat net ‘n beperkte geval ‘Gewones’ in hul lys gebruik, ‘n totaal van 22 keer uit byna 10,000 name. Die volgende norme is gestel vir benaming as ‘Gewone’:

- die spesie moet algemeen wees,
- moet nie ‘n ongewone voorkoms hê nie,
- en moet een van ‘n reeks soortgelyke spesies wees

Daar word dan gehou by Gewone mossie, Gewone koester en Gewone kwikkie ensomeer, maar ‘Gewone Tarentaal’ bly bv. net Tarentaal, soos tewens in die volksmond.

‘Gewone Ruiters’, na die Engelse voorbeeld, word Oewerruiters, wat na die voorbeeld van Nederlands en Duits, en weereens volgens Prozesky se presedent ‘Oewerstrandloper’, die *Actitis* spesies eenvormig benaam.

• **Reël 9: Germaanse tale**

Die lys neem kennis van die keuses van Engels, Nederlands en Duits in elke geval, en dit beïnvloed die lys tot ‘n mate. Daar was tot onlangs ‘n groot tekort aan Afrikaanse name om die nodige getal spesies te benaam, en in hierdie gevalle is telkens geleen uit Engels of Nederlands. Ook was daar gevalle waar Afrikaans oor ‘n volksnaam beskik het wat egter binne die groter raamwerk onvanpas was, sodat E.L. Gill duidelik gestel het dat daar ‘n gebrek aan bruikbare plaaslike name was. Die leemtes word aangevul deur ekwivalente name uit Germaanse tale te oorweeg. ‘n Mate van eenvormigheid word ook as voordelig beskou omdat sekere Afrikaanssprekendes wel dokumente in Europese tale raadpleeg.

SA lys: Name soos Gewone Ruiters, Rosse Grutto, Het Paapje, Witgatje ensameer het al op die Afrikaanse lys verskyn omdat daar op daardie stadium nie Afrikaanse name vir die spesies bestaan het nie. Verdere name van Europese oorsprong word nou aangeneem waar dit van pas is. Daarteenoor kan sekere Afrikaanse skeppings nie met gepaste leenwoorde meeding nie. Soms gaan dit om fyner onderskeid te tref tussen groepe wat onlangs aan heelwat taksonomiese wisseling onderworpe was.

Onder die beste voorbeelde is seevoëls waar die enigste Albatros in die Roberts 5 lys, tans uit 5 spesies bestaan, en die enigste Pylstormvoël tans uit potensieël 5 in die Atlantiese Oseaan gebied. Daar word daarom o.m. name van Europese oorsprong geleen, om 'n spesifieke groep met beter onderskeid benoem. So sal daar voortaan 5 Pylstormvoëls wees teenoor ongeveer 13 Stormduikers. Vorige Roberts weergawes van die naam Pylstormvoël dui aan op watter groep dit van toepassing is.

- **Reël 10: Engelse name**

Die Engelse name gee tot so 'n mate die leiding in voëlkunde dat dit dikwels nie sin maak, en uiteraard verwarrend gaan wees om ver of arbitrêr daarvan af te wyk. Daarom word 'n Sterretjiespesie wat algemeen in ons waters voorkom nie voor die voet 'n Geelbeksterretjie genoem nie. So 'n naam word eerder gereserveer vir die spesie wat ook in Engels so benoem word, of uitgelaat, aangesien verskillende sterretjies, twee in ons streek, en meer wêreldwyd, geel snawels het.

Dieselde geld bv. vir Feesterretjie wat nou volgens die Engelse voorbeeld Engelsterretjie genoem word. Die egte Feesterretjie is 'n oosterse spesie.

Opmerking

Daar moet in ag geneem word dat die Afrikaans lys nog in ontwikkeling is. 'n Internasionale lys word gesien as die uiteindelijke vorm van die taallys. Dit is duidelik by ondersoek van die vroeëre lyste dat daar tot nog toe telkens aansienlike aanpassings was, en met die aansienlike taksonomiese aanpassings in die onlangse tyd word 'n hersiening meer noodsaaklik.

Vergelykende lyste volg:

R 7	R 6	Wêreldlys	Afrikaans 6
1	1	Volstruis	Volstruis
477	2	Koningpikkewyn ¹	Koningspikkewyn
478	2.1	Witoorpikkewyn	Witoorpikkewyn
482	3	Kaapse pikkewyn ²	Brilpikkewyn
483	3.1	Magellaniëse pikkewyn ³	Magellaanse Pikkewyn
479	4	Geelkuifpikkewyn	Geelkuifpikkewyn
480	5	Langkuifpikkewyn ⁴	Macaronipikkewyn
481	5.1	Kleinpikkewyn	Kleinpikkewyn
420	6	Kuifkopdobbertjie	Kuifkopdobbertjie
421	7	Swartnekdobbertjie	Swartnekdobbertjie
419	8	Kleindobbertjie	Kleindobbertjie
		<i>Albatrosse</i> ⁵	
519	9	Witvlerkalbatros	Koningmalmok / Witvlerkkoningalb.
518	9.1	Swartvlerkalbatros	Swartvlerkkoningalbatros (-malmok)
516	10	Swerweralbatros	Grootmalmok
517	10.1	Tristanalbatros	Tristangrootalbatros (-malmok)
		<i>Malmokke</i> ⁶	
520	10.2	Swartwangmalmok	Laysan-Malmok
522	11	Bloubekmalmok	Bloubekmalmok
523	11.1	Salvinse malmok	Salvinalbatros (-malmok)
524	11.2	Chathammalmok	Chathamalbatros (-malmok)
521	12	Swartbroumalmok	Swartrugmalmok
525	13	Gryskopmalmok	Gryskopmalmok
526	14	Atlantiese geelneusmalmok	Geelneusmalmok
527	14.1	Indiese geelneusmalmok	Indiese Geelneusalbatros (-malmok)
528	14.2	Witkroonmalmok	Witkroonalbatros (-malmok)
529	15	Bruinmalmok	Bruinmalmok (albatros)
530	16	Swartkopmalmok	Swartkopmalmok (albatros)
		<i>Nellies</i> ⁷	
484	17	Suidelike nellie	Reuse Nellie
485	18	Noordelike nellie	Grootnellie
486	19	Silwerstormvoël	Silwerstormvoël
487	20	Antarktiese stormvoël	Antarktiese Stormvoël
488	21	Seeduif ⁸	Seeduifstormvoël
		<i>Keilsterte</i> ⁹	
501	22	Kleinkeilstert	Bulwarse Stormvoël
502	22.1	Grootkeilstert	Donkervlerkkeilstert
491	23	Langvlerkstormvoël	Langvlerkstormvoël
493	24	Donsveerstormvoël	Donsveerstormvoël
492	25	Witkopstormvoël	Witkopstormvoël
494	26	Atlantiese stormvoël ¹⁰	Bruinvlerkstormvoël
490	26.1	Barause stormvoël ¹¹	Baraustormvoël
489	27	Kerguelenstormvoël ¹²	Kerguelense Stormvoël
495	28	Bloustormvoël	Bloustormvoël
496	29	Breëbekwalvisvoël	Breëbekwalvisvoël
497	29.1	Marionwalvisvoël	Marionwalvisvoël
498	29.2	Antarktiese walvisvoël	Antarktiese Walvisvoël
499	30	Dunbekwalvisvoël	Dunbekwalvisvoël

500	31	Swartstertwalvisvoël	Swartstertwalvisvoël
503	32	Bassiaan	Bassiaan
504	32.1	Brilbassiaan	Brilbassiaan
505	33	Pediunker <i>Pylstormvoëls</i> ¹³	Pediunker
506	34	Pylstormvoël	Geelbekpylstormvoël
507	34.1	Gestreepte pylstormvoël <i>Stormduikers</i> ¹⁴	Gestreepte Pylstormvoël
510	35	Grootstormduiker	Grootpylstormvoël
509	36	Bleekpootstormduiker ¹⁵	Bruinpylstormvoël
511	37	Malbaartjie ¹⁶	Malbaartjie
512	38	Swartbekstormduiker	Swartbekpylstormvoël
513	38.1	Baleariese stormduiker	Baleariese Pylstormvoël
515	39	Kleinstormduiker	Kleinpylstormvoël
514	40	Tropiese stormduiker ¹⁷	Swartkroon- / Tropiese kleinpylst.
508	41	Keilstertstormduiker <i>Stormswaels</i> ¹⁸	Keilstertpylstormvoël
535	42	Europese stormswael	Swartpootstormswael
536	43	Swaelstertstormswael	Swaelstertstormswael
537	43.1	Oosterse stormswael	Oosterse Stormswael
532	43.2	Witwangstormswael	Witwangstormswael
531	44	Gewone stormswael	Geelpootstormswael
534	45	Witpensstormswael	Witpensstormswael
533	46	Swartpensstormswael <i>Tropevoëls</i> ¹⁹	Swartpensstormswael
423	47	Rooisterttropevoël	Rooipylstert
424	48	Witsterttropevoël	Witpylstert
422	48.1	Rooibektropevoël	Rooibekpylstert
465	49	Witpelikaan	Witpelikaan
466	50	Kleinpelikaan	Kleinpelikaan
428	52	Bruinmalgas	Bruinmalgas
427	52.1	Rooipootmalgas	Rooipootmalgas
425	53	Kaapse malgas ²⁰	Witmalgas
426	54	Australiese malgas <i>Kormorante</i> ²¹	Australiese Malgas
433	55	Witborskormorant	Witborskormorant
434	56	Trekkormorant	Trek kormorant
432	57	Bankkormorant	Bank kormorant
430	58	Rietkormorant	Rietkormorant
431	59	Kuifkopkormorant	Kuifkopkormorant
429	60	Slanghalsvoël	Slanghalsvoël
475	61	Grootfregatvoël	Groot Fregatvoël
476	61.1	Kleinfregatvoël	Kleinfregatvoël
441	62	Bloureier	Bloureier
442	63	Swartkopreier	Swartkopreier
443	64	Reuserier	Reuse-reier
444	65	Rooireier	Rooireier
445	66	Grootwitreier	Grootwitreier
438	67	Kleinwitreier	Kleinwitreier
439	67.1	Westelike kusreier	Westelike Kusreier

440	67.2	Sneeuwitreier	Sneeuwitreier
446	68	Geelbekwitreier	Geelbekwitreier
436	69	Swartreier	Swartreier
437	69.1	Kleinbloureier	Kleinbloureier
435	70	Rooikeelreier	Rooikeelreier
447	71	Veereier	Veereier
448	72	Ralreier	Ralreier
449	73	Madagaskar-ralreier	Malgassiese Ralreier
451	74	Groenrugreier	Groenrugreier
450	75	Rooipensreier	Rooipensreier
452	76	Nagreier ²²	Gewone nagreier
453	77	Witrugnagreier	Witrugnagreier
454	78	Rietreier ²³ (Woudapie)	Woudapie / Kleinrietreier
455	79	Dwergrietreier	Dwergrietreier
456	80	Roerdomp ²⁴	Grootrietreier
457	81	Hamerkop	Hamerkop
472	83	Witooievaar	Witooievaar
469	84	Swartooievaar ²⁵	Grootswartooievaar
470	85	Kleinswartooievaar	Kleinswartooievaar
471	86	Wolnekooievaar	Wolnekooievaar
468	87	Oopbekooievaar	Oopbekooievaar
473	88	Saalbekooievaar	Saalbekooievaar
474	89	Maraboe	Maraboe
467	90	Geelbekooievaar ²⁶ (Nimmersat)	Nimmersat
463	91	Heilige ibis ²⁷ (Skoorsteenveër)	Skoorsteenveër
462	92	Kalkoenibis	Kalkoenibis
460	93	Glansibis	Glansibis
461	94	Hadeda	Hadeda
464	95	Lepelaar	Lepelaar
458	96	Grootflamink	Grootflamink
459	97	Kleinflamink	Kleinflamink
22	99	Nonnetjie-eend	Nonnetjie-eend
21	100	Fluiteend	Fluiteend
23	101	Witrugeend	Witrugeend
25	102	Kolgans	Kolgans
26	103	Kopereend	Kopereend
33	104	Geelbekeend	Geelbekeend
31	105	Swarteend	Swarteend
30	106	Teeleendjie ²⁸	Teeleend
39	107	Gevlekte eendjie	Gevlekte Eend
36	108	Rooibekeend	Rooibekeend
37	109	Pylstert ²⁹	Pylsterteend
38	110	Somereendjie ³⁰	Somereend
35	111	Noordelike slopeend ³¹	Europese Slopeend
34	112	Kaapse slopeend	Kaapse Slopeend
40	113	Bruineend	Bruineend
29	114	Dwerggans	Dwerggans
32	114.1	Groenkopeend	Groenkopeend
28	115	Knobbeleend	Knobbeleend
27	116	Makougans ³²	Wildemakou

24	117	Makoueend ³³	Bloubekeend
402	118	Sekretarisvoël	Sekretarisvoël
356	119	Baardaasvoël ³⁴	Baardaasvoël
357	120	Egiptiese aasvoël	Egiptiese Aasvoël
358	121	Monnikaasvoël	Monnikaasvoël
361	122	Kransaasvoël	Kransaasvoël
359	123	Witruugaasvoël	Witruugaasvoël
360	123.1	Rüppellse aasvoël	Rüppellse Aasvoël
362	124	Swartaasvoël	Swartaasvoël
363	125	Witkopaasvoël	Witkopaasvoël
352	126	Swartwou	Swartwou
353	126.1	Geelbekwou	Geelbekwou
351	127	Blouvalk	Blouvalk
348	128	Koekoekvalk	Koekoekvalk
350	129	Vlermuisvalk	Vlermuisvalk
349	130	Wespedief	Wespedief
394	131	Witkruisarend	Witkruisarend
392	132	Roofarend	Roofarend
393	133	Steppe-arend	Steppe-arend
390	134	Gevlekte arend	Gevlekte Arend
391	134.1	Groot gevlekte arend	Groot Gevlekte Arend
395	135	Bruinarend	Bruinarend
397	136	Dwergarend	Dwergarend
396	137	Grootjagarend	Grootjagarend
398	138	Kleinjagarend	Kleinjagarend
400	139	Langkuifarend	Langkuifarend
399	140	Breëkoparend	Breëkoparend
401	141	Kroonarend	Kroonarend
365	142	Bruinslangarend	Bruinslangarend
364	143	Swartborsslangarend	Swartborsslangarend
366	144	Dubbelbandslangarend	Dubbelbandslangarend
367	145	Enkelbandslangarend	Enkelbandslangarend
368	146	Bateleur ³⁵ (Berghaan)	Berghaan
355	147	Witaasvoël	Witaasvoël
354	148	Visarend	Visarend
385	149	Bruinjakkalsvoël	Bruinjakkalsvoël
386	150	Bosjakkalsvoël	Bosjakkalsvoël
387	151	Langbeenjakkalsvoël	Langbeenjakkalsvoël
389	152	Rooiborsjakkalsvoël	Rooiborsjakkalsvoël
388	153	Witborsjakkalsvoël	Witborsjakkalsvoël
375	154	Akkedisvalk	Akkedisvalk
383	155	Rooiborssperwer	Rooiborssperwer
382	156	Ovambosperwer	Ovambosperwer
381	157	Kleinsperwer	Kleinsperwer
384	158	Swartsperwer	Swartsperwer
380	159	Gebande sperwer	Gebande Sperwer
379	160	Afrikaanse sperwer	Afrikaanse Sperwer
378	161	Kleinsingvalk ³⁶	Witkruissperwer / Kleinsingvalk
377	162	Bleeksingvalk	Bleeksingvalk
376	163	Donkersingvalk	Donkersingvalk

		<i>PaddavreTERS</i> ³⁷	
369	164	Europese paddavreter	Europese Paddavreter
370	165	Afrikaanse paddavreter	Afrikaanse Paddavreter
		<i>Vleivalke</i> ³⁸	
373	166	Blouvolleivalk	Bloupaddavreter
372	167	Steppevolleivalk	Witborspaddavreter
371	168	Swartvolleivalk	Witkruispaddavreter
374	169	Kaalwangvalk	Kaalwangvalk
347	170	Visvalk	Visvalk
417	171	Swervvalk	Swervvalk
416	172	Edelvalk	Edelvalk
414	173	Europese boomvalk	Europese Boomvalk
415	174	Afrikaanse boomvalk	Afrikaanse Boomvalk
413	175	Roetvalk	Roetvalk
418	176	Taitavalk	Taitavalk
412	177	Eleonoravalk	Eleonoravalk
409	178	Rooinekvalk	Rooinekvalk
410	179	Westelike rooipootvalk	Westelike Rooipootvalk
411	180	Oostelike rooipootvalk	Oostelike Rooipootvalk
405	181	Kransvalk ³⁹	Rooivalk
406	182	Grootrooivalk	Grootrooivalk
404	183	Kleinrooivalk	Kleinrooivalk
407	184	Grysvalk ⁴⁰	Donker Grysvalk
408	185	Dickinsonse valk ⁴¹	Dickinsonse Grysvalk
403	186	Dwergvalk	Dwergvalk
2	187	Asiatiese klippatrys ⁴²	Asiatiese Patrys
3	188	Swempie	Swempie
4	189	Bospatrys	Bospatrys
5	190	Bergpatrys	Bergpatrys
7	191	Laeveldpatrys	Laeveldpatrys
6	192	Rooivlerkpatrys	Rooivlerkpatrys
8	193	Kalaharipatrys	Kalaharipatrys
10	194	Rooibekfisant	Rooibekfisant
11	195	Kaapse fisant	Kaapse Fisant
12	196	Natalse fisant	Natalse Fisant
9	197	Klipfisant	Klipfisant
13	198	Rooikeelfisant	Rooikeelfisant
14	199	Bosveldfisant	Bosveldfisant
15	200	Gewone kwartel ⁴³	Afrikaanse Kwartel
16	201	Bontkwartel	Bontkwartel
17	202	Bloukwartel	Bloukwartel
18	202.1	Pou ⁴⁴	Makpou
19	203	Tarentaal ⁴⁵	Gewone Tarentaal
20	204	Kuifkoptarentaal	Kuifkoptarentaal
41	205	Bosveldkwarteltjie	Bosveldkwarteltjie
42	206	Swartrugkwarteltjie	Swartrugkwarteltjie
43	206.1	Kaapse kwarteltjie	Kaapse Kwarteltjie
208	207	Lelkraanvoël	Lelkraanvoël
207	208	Bloukraanvoël	Bloukraanvoël
206	209	Mahem	Mahem

215	210	Afrikaanse ral ⁴⁶	Grootriethaan
217	211	Kwartelkoning	Kwartelkoning
216	212	Afrikaanse riethaan	Afrikaanse Riethaan
218	213	Swartriethen ⁴⁷	Swartriethaan
220	214	Gevlekte riethaan	Gevlekte Riethaan
219	215	Dwergriethaan ⁴⁸	Kleinriethaan
221	216	Gestreepte riethaan	Gestreepte Riethaan
211	217	Rooiborsvleikuiken	Rooiborsvleikuiken
210	218	Gevlekte vleikuiken	Gevlekte Vleikuiken
212	219	Streepborsvleikuiken	Streepborsvleikuiken
213	221	Gestreepte vleikuiken	Gestreepte Vleikuiken
214	222	Witvlerkvleikuiken	Witvlerkvleikuiken
222	223	Koningriethaan ⁴⁹	Grootkoningriethaan
223	224	Kleinkoningriethaan	Kleinkoningriethaan
224	225	Amerikaanse koningriethaan	Amerikaanse Koningriethaan
225	226	Waterhoender ⁵⁰	Grootwaterhoender
226	227	Kleinwaterhoender	Kleinwaterhoender
227	228	Bleshoender	Bleshoender
209	229	Watertrapper	Watertrapper
197	230	Gompou	Gompou
195	231	Veldpou	Veldpou
196	232	Ludwigse pou	Ludwigse Pou
203	233	Witpenskorhaan	Witpenskorhaan
204	234	Bloukorhaan	Bloukorhaan
202	235	Vaalkorhaan	Vaalkorhaan
201	236	Namibkorhaan ⁵¹	Woestynkorhaan
198	237	Boskorhaan	Boskorhaan
205	238	Langbeenkorhaan	Langbeenkorhaan
200	239	Swartvlerkkorhaan	Swartkorhaan
199	239.1	Witvlerkkorhaan	Witvlerkkorhaan
270	240	Langtoon ⁵²	Grootlangtoon
271	241	Dwerglangtoon	Dwerglangtoon
269	242	Goudsnip	Goudsnip
275	243	Bonttobie	Bonttobie
276	244	Tobie ⁵³	Swarttobie
		<i>Ringnekkiewiete</i> ⁵⁴	
282	245	Ringnekkiewiet	Ringnekstrandkiewiet
283	245.1	Kleinringnekkiewiet <i>Strandkiewiete</i> ⁵⁵	Kleinringnekstrandkiewiet
288	246	Vaalstrandkiewiet	Vaalstrandkiewiet
287	246.1	Kentse strandkiewiet	Kentse Strandkiewiet
286	247	Rooibandstrandkiewiet	Rooibandstrandkiewiet
284	248	Geelborsstrandkiewiet	Geelborsstrandkiewiet
285	249	Driebandstrandkiewiet <i>Sandkiewiete</i> ⁵⁶	Driebandstrandkiewiet
289	250	Kleinsandkiewiet	Mongoolse Strandkiewiet
290	251	Grootsandkiewiet	Grootstrandkiewiet
291	252	Kaspiese kiewiet ⁵⁷ <i>Goudkiewiete</i> ⁵⁸	Asiatiese Strandkiewiet
279	253	Asiatiese goudkiewiet	Asiatiese Goue Strandkiewiet

280	253.1	Amerikaanse goudkiewiet	Amerikaanse Goue Strandkiewiet
281	254	Gryskiewiet ⁵⁹	Grysstrandkiewiet
299	255	Kroonkiewiet	Kroonkiewiet
297	256	Kleinswartvlerkkiewiet	Kleinswartvlerkkiewiet
298	257	Swartvlerkkiewiet ⁶⁰	Grootswartvlerkkiewiet
293	258	Bontkiewiet	Bontkiewiet
294	258.1	Spoorvlerkkiewiet	Spoorvlerkkiewiet
295	259	Witkopkiewiet	Witkopkiewiet
296	260	Lelkiewiet	Lelkiewiet
292	261	Langtoonkiewiet ⁶¹	Witvlerkkiewiet
249	262	Steenloper	Steenloper
247	263	Terekruiter	Terekruiter
248	264	Oewerruiter ⁶²	Gewone Ruiter
245	265	Donkerruiter ⁶³	Witgatuiter
246	266	Bosruiter	Bosruiter
239	267	Gevlekte rooipootruiter	Gevlekte Rooipootruiter
240	268	Rooipootruiter	Rooipootruiter
241	269	Moerasruiter	Moerasruiter
242	270	Groenpootruiter	Groenpootruiter
244	270.1	Kleingeelpootruiter	Kleingeelpootruiter
243	270.2	Geelpootruiter ⁶⁴	Grootgeelpootruiter
250	270.3	Asiatiese snipruiter ⁶⁵	Asiatiese Snipgriet
252	271	Knoet	Knoet
251	271.1	Grootknoet	Grootknoet
262	272	Krombekstrandloper	Krombekstrandloper
261	273	Bontstrandloper	Bontstrandloper
254	274	Kleinstrandloper	Kleinstrandloper
257	275	Langtoonstrandloper	Langtoonstrandloper
255	276	Rooinekstrandloper	Rooinekstrandloper
258	277	Witrugstrandloper	Witrugstrandloper
259	278	Bairdse strandloper	Bairdse Strandloper
260	279	Gestreepte strandloper	Geelpootstrandloper
256	280	Temminckse strandloper	Temminckse Strandloper
253	281	Drietoonstrandloper	Drietoonstrandloper
263	282	Taanborsstrandloper	Taanborsstrandloper
264	283	Breëbekstrandloper	Breëbekstrandloper
265	284	Kemphaan	Kemphaan
232	285	Dubbelsnip	Dubbelsnip
233	286	Afrikaanse snip	Afrikaanse Snip
234	287	Swartstertgriet	Swartstertgriet
236	288	Bandstertgriet	Bandstertgriet
235	288.1	Hudsonbaaigriet ⁶⁶	Amerikaanse Griet
238	289	Grootwulp	Grootwulp
237	290	Kleinwulp	Kleinwulp
268	291	Grysfraingpoot	Grysfraingpoot
267	292	Rooihalsfraingpoot	Rooihalsfraingpoot
266	293	Bontfraingpoot	Bontfraingpoot
278	294	Elsie ⁶⁷	Bontelsie
277	295	Stelt ⁶⁸	Rooipootelsie
300	296	Krapvreter	Krapvreter

274	297	Dikkop ⁶⁹	Gewone Dikkop
273	298	Waterdikkop	Waterdikkop
304	299	Bloukopdrawwertjie	Bloukopdrawwertjie
305	300	Trekdrawwertjie	Trekdrawwertjie
301	301	Dubbelbanddrawwertjie	Dubbelbanddrawwertjie
303	302	Driebanddrawwertjie	Driebanddrawwertjie
302	303	Bronsvlerkdrawwertjie	Bronsvlerkdrawwertjie
306	304	Rooivlerksprinkaanvoël	Rooivlerksprinkaanvoël
307	305	Swartvlerksprinkaanvoël	Swartvlerksprinkaanvoël
308	306	Withalssprinkaanvoël	Withalssprinkaanvoël
272	306.1	Kokerbek ⁷⁰ <i>Roofmeeue</i> ⁷¹	Amerikaanse Peddie
312	307	Roofmeeu	Arktiese Roofmeeu
313	308	Langstertroofmeeu	Langstertroofmeeu
311	309	Knopstertroofmeeu <i>Skoemas</i> ⁷²	Knopstertroofmeeu
309	310	Skoa	Bruinroofmeeu
310	311	Suidpoolskoea	Suidpoolroofmeeu
315	312	Kelpmeeu ⁷³	Swartrugmeeu
317	313	Kleinswartrugmeeu	Kleinswartrugmeeu
316	313.1	Heuglinse meeu	Heuglinse meeu
318	315	Gryskopmeeu	Gryskopmeeu
319	316	Hartlaubse meeu	Hartlaubse Meeu
322	317	Franklinse meeu	Franklinse Meeu
323	318	Mikstertmeeu	Mikstertmeeu
320	319	Swartkopmeeu	Swartkopmeeu
321	319.1	Dunbekmeeu	Dunbekmeeu
324	320	Swartpootbrandervoël <i>Sterretjies</i> ⁷⁴	Swartpootbrandervoël
325	321	Lagsterretjie ⁷⁵	Oostelike Seeswael
326	322	Reusesterretjie	Reuseseeswael
327	323	Koningsterretjie	Koningseeswael
328	323.1	Elegante sterretjie ⁷⁶ <i>Kuifsterretjies</i> ⁷⁷	Elegante sterretjie
330	324	Kuifsterretjie	Geelbekseeswael
329	325	Bengaalse sterretjie	Kuifkopseeswael
331	326	Grootsterretjie	Grootseeswael
334	327	Gewone sterretjie	Gewone Seeswael
335	328	Arktiese sterretjie	Arktiese Seeswael
336	329	Grysborssterretjie	Grysborsseeswael
332	330	Roosborssterretjie ⁷⁸	Rooiborsseeswael
333	331	Swartneksterretjie ⁷⁹	Swartkroonseeswael
341	332	Roetsterretjie	Roetseeswael
340	333	Toomsterretjie ⁸⁰	Brilseeswael
338	334	Damarasterretjie	Damaraseeswael
337	335	Kleinststerretjie	Kleinseeswael
339	336	Witwangsterretjie	Witwangseeswael
344	337	Swartsterretjie	Swartmeerswael
342	338	Witbaardsterretjie	Witbaardmeerswael
343	339	Witvlerksterretjie	Witvlerkmeerswael

		<i>Noddies</i> ⁸¹	
345	340	Noddie	Grootbruinseeswael
346	341	Kleinnoddie	Kleinbruinseeswael
314	343	Waterploeër	Waterploeër
228	344	Kelkiewyn	Kelkiewyn
231	345	Gevlekte sandpatrys	Gevlekte Sandpatrys
229	346	Geelkeelsandpatrys	Geelkeelsandpatrys
230	347	Dubbelbandsandpatrys	Dubbelbandsandpatrys
180	348	Tuinduif	Tuinduif
181	349	Kransduif	Kransduif (Bosduif)
		<i>Bosduiwe</i> ⁸²	
182	350	Bosduif	Geelbekbosduif
183	351	Withalsbosduif	Withalsbosduif
189	352	Grootringduif	Grootringduif
187	353	Kleinringduif ⁸³	Rooioogtortelduif
188	354	Gewone tortelduif	Gewone Tortelduif
185	354.1	Europese tortel ⁸⁴	Europese Tortelduif
186	355	Lemoendui ⁸⁵	Rooiborsduifie
		<i>Duifies</i> ⁸⁶	
193	356	Namakwaduifie	Namakwaduifie
191	357	Blouvlakduifie	Blouvlakduifie
190	358	Groenvlekduifie	Groenvlekduifie
192	359	Witborsduifie	Witborsduifie
184	360	Kaneelduif	Kaneelduifie
194	361	Papegaaiduif	Papegaaiduif
133	362	Woudpapegaa ⁸⁷	Grootpapegaa
134	362.1	Savannepapegaa	Savannepapegaa
136	363	Bruinkoppapegaa	Bruinkoppapegaa
135	364	Bosveldpapegaa	Bosveldpapegaa
137	365	Bloupenspapegaa	Bloupenspapegaa
141	366	Ringnekparkiet	Ringnekparkiet
138	367	Rooiwangparkiet	Rooiwangparkiet
139	368	Njassaparkiet ⁸⁸	Niassaparkiet
140	369	Swartwangparkiet	Swartwangparkiet
157	370	Knysnaloerie	Knysnaloerie
156	370.1	Mosambiekloerie	Mosambiekloerie
155	370.2	Langkuifloerie	Langkuifloerie
158	371	Bloukuifloerie	Bloukuifloerie
159	372	Rooikuifloerie	Rooikuifloerie
160	373	Kwêvoël	Kwêvoël
119	374	Europese koekoek	Europese Koekoek
120	375	Afrikaanse koekoek	Afrikaanse Koekoek
121	376	Kleinkoekoek	Kleinkoekoek
122	376.1	Madagaskarkoekoek	Madagaskarkoekoek
117	377	Piet-my-vrou	Piet-my-vrou
118	378	Swartkoekoek	Swartkoekoek
123	379	Langstertkoekoek	Langstertkoekoek
		<i>Nuwejaarsvoëls</i> ⁸⁹	
115	380	Gevlekte nuwejaarsvoël	Gevlekte Koekoek
114	381	Gestreepte nuwejaarsvoël	Gestreepte Nuwejaarsvoël

113	382	Bontnuwejaarsvoël	Bontnuwejaarsvoël
116	383	Dikbekkoekoek	Dikbekkoekoek
125	384	Mooimeisie	Mooimeisie
124	385	Meitjie	Meitjie
126	386	Diederikkie	Diederikkie
127	387	Groenvleiloerie	Groenvleiloerie
128	388	Swartvleiloerie	Swartvleiloerie
129	389	Grootvleiloerie	Grootvleiloerie
130	390	Senegalvleiloerie	Senegalvleiloerie
132	391	Vleiloerie	Gewone Vleiloerie
131	391.1	Gestreepte vleiloerie	Gestreepte Vleiloerie
161	392	Nonnetjie-uil	Nonnetjie-uil
162	393	Grasuil	Grasuil
169	394	Bosuil	Bosuil
172	395	Vlei-uil	Vlei-uil
163	396	Skopsuil	Skopsuil
164	397	Witwanguil	Witwanguil
		<i>Uiltjies</i> ⁹⁰	
170	398	Witkoluiltjie	Witkoluil
171	399	Gebande uiltjie	Gebande Uil
165	400	Kaapse ooruil	Kaapse Ooruil
166	401	Gevlekte ooruil	Gevlekte Ooruil
167	402	Reuse-ooruil	Reuse Ooruil
168	403	Visuil	Visuil
173	404	Europese naguil	Europese Naguil
175	405	Afrikaanse naguil	Afrikaanse Naguil
174	406	Rooiwangnaguil	Rooiwangnaguil
176	407	Natalse naguil	Natalse Naguil
177	408	Donkernaguil	Donkernaguil
178	409	Laeveldnaguil	Laeveldnaguil
179	410	Wimpelvlerknaguil	Wimpelvlerknaguil
148	411	Europese windswael	Europese Windswael
150	412	Swartwindswael	Swartwindswael
151	413	Muiskleurwindswael	Muiskleurwindswael
149	414	Bruinwindswael	Bruinwindswael
154	415	Witkruiswindswael	Witkruiswindswael
153	416	Horuswindswael	Horuswindswael
152	417	Kleinwindswael	Kleinwindswael
146	418	Witpenswindswael	Witpenswindswael
147	419	Bontwindswael	Bontwindswael
142	420	Skaarswindswael	Skaarswindswael
145	421	Palmwindswael	Palmwindswael
143	422	Gevlekte stekelstert	Gevlekte Stekelstert
144	423	Witpensstekelstert	Witpensstekelstert
110	424	Gevlekte muisvoël	Gevlekte Muisvoël
111	425	Witrugmuisvoël ⁹¹	Witkrusmuisvoël
112	426	Rooiwangmuisvoël	Rooiwangmuisvoël
84	427	Bosloerie	Bosloerie
99	428	Bontvisvanger	Bontvisvanger
98	429	Reusevisvanger	Reuse Visvanger

90	430	Blouvisvanger	Blouvisvanger
91	431	Kuifkopvisvanger	Kuifkopvisvanger
92	432	Dwergvisvanger	Dwergvisvanger
94	433	Bosveldvisvanger	Bosveldvisvanger
95	434	Manglietvisvanger	Manglietvisvanger
96	435	Bruinkopvisvanger	Bruinkopvisvanger
93	436	Gryskopvisvanger	Gryskopvisvanger
97	437	Gestreepte visvanger	Gestreepte Visvanger
107	438	Europese byvreter	Europese Byvreter
108	438.1	Roosborsbyvreter ⁹²	Pienkborsbyvreter
106	439	Olyfbyvreter	Olyfbyvreter
105	440	Blouwangbyvreter	Blouwangbyvreter
109	441	Karmynbyvreter ⁹³	Rooiborsbyvreter
104	442	Roeskopbyvreter	Roeskopbyvreter
100	443	Rooikeelbyvreter	Rooikeelbyvreter
101	444	Kleinbyvreter	Kleinbyvreter
102	445	Swaelstertbyvreter	Swaelstertbyvreter
103	445.1	Witkeelbyvreter	Witkeelbyvreter
85	446	Europese trouphant	Europese Troupant
86	447	Trouphant ⁹⁴	Gewone Troupant
87	448	Knopsterttrouphant	Knopsterttrouphant
88	449	Groottrouphant	Groottrouphant
89	450	Geelbektrouphant	Geelbektrouphant
80	451	Hoephoep <i>Kakelaars</i> ⁹⁵	Hoephoep
81	452	Rooibekkekelaar	Gewone Kakelaar
82	453	Perskakelaar	Perskakelaar
83	454	Swartbekkekelaar	Swartbekkekelaar
77	455	Boskraai	Gewone Boskraai
78	456	Kuifkopboskraai <i>Neushorings</i> ⁹⁶	Kuifkopboskraai
76	457	Gryснеushoring	Gryснеushoringvoël
71	458	Rooibekneushoring	Rooibekneushoringvoël
72	458.1	Damaraneushoring	Damararooibekneushoringvoël
73	459	Geelbekneushoring	Suidelike Geelbekneushoringvoël
74	460	Gekroonde neushoring	Gekroonde Neushoringvoël
75	461	Bradfieldse neushoring	Bradfieldse Neushoringvoël
70	462	Monteiose neushoring	Monteiose Neushoringvoël
79	463	Bromvoël	Bromvoël
68	464	Rooikophoutkapper	Rooikophoutkapper
67	465	Bonthoutkapper	Bonthoutkapper
60	466	Witoorhoutkapper	Witoorhoutkapper
61	467	Geelbleshoutkapper	Geelbleshoutkapper
62	468	Groenhoutkapper	Groenhoutkapper
66	469	Rooiblestinker	Rooiblestinker
65	470	Geelblestinker	Geelblestinker
64	471	Swartblestinker	Swartblestinker
63	472	Groentinker	Groentinker
69	473	Kuifkophoutkapper	Kuifkophoutkapper
45	474	Grootheuningwyser	Grootheuningwyser

44	475	Gevlekte heuningwyser	Gevlekte Heuningwyser
46	476	Kleinheuningwyser	Kleinheuningwyser
47	477	Oostelike heuningwyser	Oostelike Heuningwyser
49	478	Skerpbekheuningvoël	Skerpbekheuningvoël
48	479	Dunbekheuningvoël	Dunbekheuningvoël
56	480	Grondspeg	Grondspeg
51	481	Bennettse speg	Bennettse Speg
52	482	Tanzaniese speg	Tanzaniese Speg
53	483	Goudstertspeg	Goudstertspeg
54	484	Knysnaspeg	Knysnaspeg
55	485	Gevlekte speg	Gevlekte Speg
57	486	Kardinaalspeg	Kardinaalspeg
58	487	Baardspeg	Baardspeg
59	488	Gryskopspeg	Gryskopspeg
50	489	Draaihals	Draaihals
539	490	Breëbek	Breëbek
538	491	Pitta ⁹⁷	Angolapitta
791	492	Spotlewerik	Spotlewerik
790	493	Bosveldlewerik	Bosveldlewerik
792	494	Rooineklewerik	Rooineklewerik
		<i>Klappertjies</i> ⁹⁸	
794	495	Kaapse klappertjie	Hoëveldklappertjie
795	495.2	Klappertjie	Hoëveldklappertjie
793	496	Flappertjie	Laeveldklappertjie
796	497	Vaalbruinlewerik	Vaalbruinlewerik
797	498	Sabotalewerik	Sabotalewerik
799	499	Drakensberglewerik	Drakensberglewerik
		<i>Langbeklewerikke</i> ⁹⁹	
801	500	Weskuslangbeklewerik	Langbeklewerik
802	500.1	Overberglangbeklewerik	Overberglangbeklewerik
803	500.2	Grasveldlangbeklewerik	Grasveldlangbeklewerik
800	500.3	Karoolangbeklewerik	Karoolangbeklewerik
804	500.4	Kaokolangbeklewerik	Kaokolangbeklewerik
805	501	Kortkloulewerik	Kortkloulewerik
807	502	Karoollewerik	Karoollewerik
808	502.1	Barlowse lewerik	Barlowse Lewerik
806	503	Duinlewerik	Duinlewerik
809	504	Rooilewerik	Rooilewerik
798	505	Donkerlewerik	Donkerlewerik
810	506	Vlaktelewerik	Vlaktelewerik
815	507	Rooikoplewerik	Rooikoplewerik
816	508	Pienkbeklewerik	Pienkbeklewerik
818	509	Vaalrivierlewerik	Vaalrivierlewerik
817	510	Namakwalewerik	Namakwalewerik
819	511	Woestynlewerik	Woestynlewerik
820	512	Dikbeklewerik	Dikbeklewerik
814	514	Namiblewerik	Namiblewerik
		<i>Lewerikke</i> ¹⁰⁰	
811	515	Rooiruglewerik	Rooiruglewerik
813	516	Gysruglewerik	Gysruglewerik

812	517	Swartoorlewerik	Swartoorlewerik
681	518	Skuurswael ¹⁰¹	Europese Swael
682	519	Angolaswael	Angolaswael
683	520	Witkeelswael	Witkeelswael
685	521	Blouswael	Blouswael
684	522	Draadstertswael	Draadstertswael
686	523	Pêrelborsswael	Pêrelborsswael
689	524	Rooiborsswael	Rooiborsswael
691	524.1	Rooinekswael	Rooinekswael
690	525	Moskeeswael	Moskeeswael
687	526	Grootstreepswael	Grootstreepswael
688	527	Kleinstreepswael	Kleinstreepswael
692	528	Familieswael	Familieswael
680	529	Kransswael	Kransswael
693	530	Huisswael	Huisswael
679	531	Gryskruisswael	Gryskruisswael
675	532	Sandoewerswael ¹⁰²	Europese Oewerswael
676	533	Afrikaanse oewerswael	Afrikaanse Oewerswael
677	534	Gebande oewerswael	Gebande Oewerswael
678	535	Gestreepte kransswael <i>Saagvlerke</i> ¹⁰³	Gestreepte Kransswael
696	536	Swartsaagvlerk	Swartsaagvlerkswael
695	537	Oostelike saagvlerk	Tropiese Saagvlerkswael
694	537.1	Witkopsaagvlerk	Witkop-saagvlerkswael
556	538	Swartkatakoeroe	Swartkatakoeroe
554	539	Witborskatakoeroe	Witborskatakoeroe
555	540	Gryskatakoeroe ¹⁰⁴	Bloukatakoeroe
558	541	Mikstertbyvanger	Mikstertbyvanger
557	542	Kleinbyvanger	Kleinbyvanger
550	543	Europese wielewaal	Europese Wielewaal
551	544	Afrikaanse wielewaal	Afrikaanse Wielewaal
553	545	Swartkopwielewaal	Swartkopwielewaal
552	546	Groenkopwielewaal	Groenkopwielewaal
547	547	Swartkraai	Swartkraai
548	548	Witborskraai	Witborskraai
546	549	Huiskraai	Huiskraai
549	550	Withalsraaf ¹⁰⁵	Withalskraai
674	551	Piet-tjou-tjoumees ¹⁰⁶	Piet-tjou-tjou-grysmees
673	552	Akasiagrysmees	Acaciagrysmees
672	553	Miombogrysmees	Miombogrysmees
668	554	Swartmees	Gewone Swartmees
669	555	Ovamboswartmees <i>Mese</i> ¹⁰⁷	Ovamboswartmees
670	556	Rooipensmees	Swartkopmees
671	556.1	Swartkopmees	Swartkopmees
667	557	Kaapse kapokvoël	Kaapse Kapokvoël
666	558	Gryskapokvoël	Gryskapokvoël
665	559	Miombokruiper ¹⁰⁸	Boomkruiper
782	560	Pylvlekkatlagter	Pylvlekkatlagter
779	561	Swartwangkatlagter	Swartwangkatlagter

780	562	Witkruiskatlagter	Witkruiskatlagter
781	563	Witkatlagter	Witkatlagter
783	564	Kaalwangkatlagter	Kaalwangkatlagter
784	565	Rooibektiptol	Rooibektiptol
699	566	Kaapse tiptol	Kaapse Tiptol
698	567	Rooioogtiptol	Rooioogtiptol
697	568	Swartoogtiptol	Swartoogtiptol
703	569	Boskrapper	Boskrapper
704	570	Geelstreepboskruiper	Geelstreepboskruiper
705	571	Kleinboskruiper	Kleinboskruiper
700	572	Willie	Gewone Willie
701	573	Streepoorwillie ¹⁰⁹	Streepwangwillie
702	574	Geelborswillie	Geelborswillie
706	575	Bosveldnikator ¹¹⁰	Geelvleknikator
599	576	Rooibeklyster	Rooibeklyster
600	577	Olyflyster	Olyflyster
601	577.1	Geelbeklyster	Geelbeklyster
597	578	Natalse lyster	Natallyster
596	579	Oranjelyster	Oranjelyster
598	580	Gevlekte lyster	Gevlekte Lyster
592	581	Kaapse kliplyster	Kaapse Kliplyster
593	582	Langtoonkliplyster	Langtoonkliplyster
594	583	Korttoonkliplyster	Korttoonkliplyster
595	584	Angolakliplyster	Angolakliplyster
631	584.1	Rooistert ¹¹¹	Europese Rooistert
636	585	Europese skaapwagter	Europese Skaapwagter
637	585.1	Bontskaapwagter	Bontskaapwagter
635	586	Bergwagter	Bergwagter
638	587	Hoëveldskaapwagter	Hoëveldskaapwagter
639	587.1	Isabelskaapwagter ¹¹²	Vaalskaapwagter
634	588	Bergbontrokkie ¹¹³	Bergklipwagter
643	589	Gewone spekvreter	Gewone Spekvreter
642	590	Woestynspekvreter	Woestynspekvreter
640	591	Vlaktespekvreter	Vlaktespekvreter
641	592	Karoospekvreter	Karoospekvreter
646	593	Dassievoël	Dassievoël
645	594	Bontpiek	Bontpiek
644	595	Swartpiek	Swartpiek
633	596	Bontrokkie	Gewone Bontrokkie
632	597	Vleibontrokkie ¹¹⁴	Europese Bontrokkie
		<i>Lawaaimakers</i> ¹¹⁵	
622	598	Lawaaimaker	Lawaaimakerjanfrederik
620	599	Heuglinse lawaaimaker	Heuglinse Janfrederik
621	600	Natalse janfrederik ¹¹⁶	Nataljanfrederik
618	601	Janfrederik	Gewone Janfrederik
619	602	Witkeeljanfrederik	Witkeeljanfrederik
		<i>Palmlysters</i> ¹¹⁷	
623	603	Palmlyster	Palmmôrelyster
624	604	Rooistertpalmlyster	Rooistertmôrelyster
602	605	Witborsboslyster	Witborsboslyster

613	606	Witkoljanfrederik	Witkoljanfrederik
614	607	Bandkeeljanfrederik <i>Akalats</i> ¹¹⁸	Bandkeeljanfrederik
615	608	Gunningse akalat	Gunningse Janfrederik
616	609	Lysternagtegaal	Lysternagtegaal
617	609.1	Irania ¹¹⁹	Irania
647	610	Masjonalyster ¹²⁰	Swartberglyster
590	611	Kaapse berglyster	Kaapse Berglyster
591	612	Oranjeborsberglyster	Oranjeborsberglyster
627	613	Gestreepte wipstert	Gestreepte Wipstert
629	614	Slangverklikker	Slangverklikker
628	615	Kalahariwipstert	Kalahariwipstert
626	616	Bruinwipstert	Bruinwipstert
625	617	Baardwipstert	Baardwipstert
630	618	Hererospekvreter	Hererospekvreter
788	619	Tuinsanger	Tuinsanger
789	620	Witkeelsanger	Witkeelsanger
787	620.1	Swartkroonsanger	Swartkroonsanger
786	621	Bosveldtjeriktik	Bosveldtjeriktik
785	622	Grystjeriktik	Grystjeriktik
776	623	Geelborshyliota	Geelborshyliota
777	624	Mashonahyliota	Mashonahyliota
764	625	Spotsanger ¹²¹	Spotvoël
763	626	Olyfboomsanger	Olyfboomsanger
754	627	Riviersanger ¹²²	Sprinkaansanger
759	628	Grootrietsanger	Grootrietsanger
760	629	Basrarietsanger	Basrarietsanger
756	630	Hermanse rietsanger	Hermanse Rietsanger
757	631	Kleinrietsanger	Kleinrietsanger
758	633	Europese rietsanger	Europese Rietsanger
755	634	Vleisanger ¹²³	Europese Vleisanger
762	635	Kaapse rietsanger	Kaapse Rietsanger
761	636	Moerasrietsanger ¹²⁴	Rooibruinrietsanger
765	637	Geelsanger	Geelsanger
747	638	Kuilsanger ¹²⁵	Kaapse Vleisanger
749	639	Ruigtesanger	Ruigtesanger
748	640	Knysnaruigtesanger	Knysnaruigtesanger
750	641	Rooiborsruigtesanger	Rooiborsruigtesanger
778	642	Breëstertsanger	Breëstertsanger
775	643	Hofsanger	Hofsanger
774	644	Geelkeelsanger	Geelkeelsanger
734	645	Bandkeelkleinjantjie	Bandkeelkleinjantjie
738	646	Gryskleinjantjie	Gryskleinjantjie
737	647	Swartkopkleinjantjie	Swartkopkleinjantjie
735	648	Geelborskleinjantjie	Geelborskleinjantjie
736	649	Ruddse kleinjantjie	Ruddse Kleinjantjie
772	650	Rooiwangstompstert	Rooiwangstompstert
773	651	Stompstert ¹²⁶	Bosveldstompstert
771	652	Rooikroonstompstert	Rooikroonstompstert
767	653	Geelpensbossanger	Geelpensbossanger

769	654	Groenbossanger	Groenbossanger
768	655	Donkerwangbossanger	Donkerwangbossanger
770	656	Bruinkeelbossanger	Bruinkeelbossanger
		<i>Blêrsangers</i> ¹²⁷	
740	657	Groenrugblêrsanger	Kwê-kwêvoël
739	657.1	Grysrugblêrsanger	Grysrugkwêkwêvoël
742	658	Gebande sanger	Gebande Sanger
741	659	Stierlingse sanger	Stierlingse Sanger
743	660	Kaneelborssanger	Kaneelborssanger
753	661	Grasvoël	Grasvoël
752	662	Rotsvoël	Rotsvoël
751	663	Breëstertgrasvoël	Breëstertgrasvoël
721	664	Landeryklopkloppie	Landeryklopkloppie
722	665	Woestynklopkloppie	Woestynklopkloppie
723	666	Gevlekte klopkloppie	Gevlekte Klopkloppie
725	667	Kleinste klopkloppie	Kleinste Klopkloppie
724	668	Bleekkopklopkloppie	Bleekkopklopkloppie
712	669	Grysrugtinktinkie	Grysrugtinktinkie
713	670	Huiltinktinkie	Huiltinktinkie
711	671	Rooitinktinkie	Rooitinktinkie
710	672	Bosveldtinktinkie	Bosveldtinktinkie
708	673	Singende tinktinkie	Singende Tinktinkie
707	674	Rooiwangtinktinkie	Rooiwangtinktinkie
714	675	Rooivlerktinktinkie	Swartrugtinktinkie
715	675.1	Luapulatinktinkie	Luapulatinktinkie
716	676	Moerastinktinkie ¹²⁸	Piepende Tinktinkie
717	677	Vleitinktinkie	Vleitinktinkie
718	678	Groottinktinkie	Groottinktinkie
709	679	Luitinktinkie	Luitinktinkie
720	680	Kortvlerktinktinkie	Kortvlerktinktinkie
719	681	Neddikkie	Neddikkie
		<i>Langstertjies en Prinias</i> ¹²⁹	
732	682	Rooivlerklangstertjie	Rooivlerksanger
726	683	Bruinsyprinia	Bruinsylangstertjie
731	684	Woudlangstertjie	Woudlangstertjie
727	685	Swartbandprinia	Swartbandlangstertjie
728	686	Karoorprinia	Karoolangstertjie
729	686.1	Drakensbergprinia	Drakensberglangstertjie
730	687	Namakwalangstertjie	Namakwalangstertjie
733	688	Rooioorlangstertjie	Rooioorlangstertjie
608	689	Europese vlieëvanger	Europese Vlieëvanger
609	690	Donkervlieëvanger	Donkervlieëvanger
610	691	Blougrysvlieëvanger	Blougrysvlieëvanger
612	692	Withalsvlieëvanger	Withalsvlieëvanger
611	693	Waaierstertvlieëvanger	Waaierstertvlieëvanger
606	694	Swartvlieëvanger	Swartvlieëvanger
605	695	Maricovlieëvanger	Maricovlieëvanger
603	696	Muiskleurvlieëvanger	Muiskleurvlieëvanger
604	697	Grootvlieëvanger	Grootvlieëvanger
607	698	Fiskaalvlieëvanger	Fiskaalvlieëvanger

583	699	Witpensvlieëvanger	Witpensvlieëvanger
584	700	Kaapse bosbontrokkie	Kaapse Bosbontrokkie
586	701	Witsybosbontrokkie ¹³⁰	Witliesbosbontrokkie
587	702	Bleekbosbontrokkie ¹³¹	Mosambiekbosbontrokkie
588	703	Priritbosbontrokkie	Priritbosbontrokkie
585	704	Woodwardse bosbontrokkie	Woodwardse Bosbontrokkie
589	705	Belogie ¹³²	Beloogbosbontrokkie
766	706	Feevlieëvanger	Feevlieëvanger
559	707	Rooistertvlieëvanger	Rooistertvlieëvanger
561	708	Bloukuifvlieëvanger	Bloukuifvlieëvanger
560	709	Witstertelminia ¹³³	Witstertvlieëvanger
562	710	Paradysvlieëvanger	Paradysvlieëvanger
850	711	Bontkwikkie	Bontkwikkie
855	712	Bergkwikkie	Bergkwikkie
851	713	Gewone kwikkie	Gewone Kwikkie
853	714	Geelkwikkie	Geelkwikkie
852	714.1	Sitrienkwikkie	Sitrienkwikkie
854	715	Gryskwikkie	Gryskwikkie
863	716	Gewone koester	Gewone Koester
864	716.1	Bergkoester	Bergkoester
868	717	Nicholsonse koester	Nicholsonse Koester
870	717.1	Boskoester ¹³⁴	Miombokoester
869	717.2	Kimberleykoester	Kimberleykoester
865	718	Donkerkoester	Donkerkoester
866	719	Vaalkoester	Vaalkoester
867	719.1	Langstertkoester	Langstertkoester
861	720	Gestreepte koester	Gestreepte Koester
862	721	Klipkoester	Klipkoester
873	722	Boomkoester	Boomkoester
872	723	Bosveldkoester	Bosveldkoester
874	723.1	Rooikeelkoester	Rooikeelkoester
871	724	Kortstertkoester	Kortstertkoester
860	725	Geelborskoester	Geelborskoester
856	726	Goudkoester	Goudkoester
858	727	Oranjekeelkalkoentjie	Oranjekeelkalkoentjie
857	728	Geelkeelkalkoentjie	Geelkeelkalkoentjie
859	730	Roskeelkalkoentjie	Roskeelkalkoentjie
542	731	Gryslaksman	Gryslaksman
543	732	Fiskaallaksman	Fiskaallaksman
540	733	Rooiruglaksman	Rooiruglaksman
541	734	Souzase laksman	Sousase Laksman
544	735	Langstertlaksman	Langstertlaksman
572	736	Waterfiskaal ¹³⁵	Suidelike Waterfiskaal
570	737	Tropiese waterfiskaal	Tropiese Waterfiskaal
571	738	Moeraswaterfiskaal	Moeraswaterfiskaal
573	739	Rooiborsfiskaal ¹³⁶	Rooiborslaksman
565	740	Sneeubal	Sneeubal
564	741	Bontroklaksman	Bontroklaksman
569	742	Grysborstjagra	Grysborstjagra
568	743	Bruinkroontjagra	Driestreeptjagra

567	744	Swartkroontjagra	Swartkroontjagra
566	745	Vleitjagra	Vleitjagra
574	746	Bokmakierie	Bokmakierie
578	747	Konkoit	Konkoit
575	748	Oranjeborsboslaksman	Oranjeborsboslaksman
577	749	Swartoogboslaksman	Swartoogboslaksman
576	750	Olyfboslaksman	Olyfboslaksman
579	751	Spookvoël	Spookvoël
563	752	Kortstertlaksman	Kortstertlaksman
580	753	Withelmlaksman	Withelmlaksman
581	754	Swarthelmlaksman	Swarthelmlaksman
582	755	Stekelkophelmlaksman	Stekelkophelmlaksman
545	756	Kremetartlaksman	Kremetartlaksman
661	757	Europese spreeu	Europese Spreeu
660	757.1	Roosspreeu	Roosspreeu
662	758	Indiese maina ¹³⁷	Indiese Spreeu
658	759	Witgatspreeu	Witgatspreeu
659	760	Lelspreeu	Lelspreeu
657	761	Witborsspreeu <i>Glansspreeus</i> ¹³⁸	Witborsspreeu
655	762	Grootspreeu	Grootglansspreeu
656	763	Langstertspreeu	Langstertglansspreeu
651	764	Glansspreeu	Kleinglansspreeu
652	765	Blouoorspreeu	Groot-blouoorglansspreeu
653	766	Kleinblouoorspreeu	Klein-blouoorglansspreeu
654	767	Spitsstertspreeu	Spitsstertglansspreeu
650	768	Swartpensspreeu	Swartpensglansspreeu
649	769	Rooivlerkspreeu	Rooivlerkspreeu
648	770	Bleekvlerkspreeu	Bleekvlerkspreeu
663	771	Geelbekrenostervoël	Geelbekrenostervoël
664	772	Rooibekrenostervoël	Rooibekrenostervoël
822	773	Kaapse suikervoël	Kaapse Suikervoël
821	774	Rooiborssuikervoël	Rooiborssuikervoël
840	775	Jangroentjie	Jangroentjie
839	776	Bronssuikerbekkie	Bronssuikerbekkie
827	777	Oranjeborssuikerbekkie	Oranjeborssuikerbekkie
837	778	Kopersuikerbekkie	Kopersuikerbekkie
842	779	Maricosuikerbekkie	Maricosuikerbekkie
843	780	Purperbandsuikerbekkie	Purperbandsuikerbekkie
841	781	Swartpenssuikerbekkie	Swartpenssuikerbekkie
836	782	Bloukruissuikerbekkie	Bloukruissuikerbekkie
834	783	Kleinrooibandsuikerbekkie	Klein-rooibandsuikerbekkie
833	784	Miomborooibandsuikerbekkie	Miombo-rooibandsuikerbekkie
835	785	Grootrooibandsuikerbekkie	Groot-rooibandsuikerbekkie
831	786	Geelpenssuikerbekkie	Geelpenssuikerbekkie
832	787	Witpenssuikerbekkie	Witpenssuikerbekkie
838	788	Namakwasuikerbekkie	Namakwasuikerbekkie
828	789	Gryssuikerbekkie	Gryssuikerbekkie
826	790	Olyfsuikerbekkie	Olyfsuikerbekkie
830	791	Rooiborssuikerbekkie	Rooiborssuikerbekkie

829	792	Swartsuikerbekkie	Swartsuikerbekkie
825	793	Kortbeksuikerbekkie	Kortbeksuikerbekkie
823	794	Bloukeelsuikerbekkie	Bloukeelsuikerbekkie
824	795	Perssuikerbekkie ¹³⁹	Blousuikerbekkie
745	796	Groenglasogie ¹⁴⁰	Kaapse Glasogie
746	796.1	Gariiepglasogie	Gariiepglasogie
744	797	Geelglasogie	Geelglasogie
875	798	Buffelwewer	Buffelwewer
877	799	Koringvoël	Koringvoël
878	800	Versamelvoël	Versamelvoël
844	801	Huismossie	Huismossie
845	802	Grootmossie	Grootmossie
846	803	Gewone mossie	Gewone Mossie
848	804	Gryskopmossie	Gryskopmossie
847	804.1	Witkeelmossie	Witkeelmossie
849	805	Geelvlakmossie	Geelvlakmossie
876	806	Baardmannetjie	Baardmannetjie
904	807	Dikbekwewer	Dikbekwewer
888	808	Bosmusikant	Bosmusikant
889	809	Olyfkwewer	Olyfkwewer
880	810	Brilwewer	Brilwewer
886	811	Bonrugwewer	Bonrugwewer
887	812	Kastaiingwewer ¹⁴¹	Bruinwewer
881	813	Kaapse wewer	Kaapse Wewer
885	814	Swartkeelwewer ¹⁴²	Swartkeelgeelvink
879	815	Kleinwewer	Kleingeelvink
883	816	Saffraanwewer ¹⁴³	Goudwewer
882	817	Goudwewer	Geelwewer
884	818	Bruinkeelwewer	Bruinkeelwewer
890	819	Rooikopwewer	Rooikopwewer
903	820	Koekoekvink	Koekoekvink
893	821	Rooibekwelea	Rooibekwelea
892	822	Rooikopwelea	Rooikopwelea
891	823	Kardinaalkwelea	Kardinaalkwelea
896	824	Rooivink	Rooivink
895	825	Vuurkopvink	Vuurkopvink
894	826	Goudgeelvink	Goudgeelvink
897	827	Kaapse flap	Kaapse Flap
898	828	Kortstertflap	Kortstertflap
900	829	Witvlerkflap	Witvlerkflap
899	830	Geelrugflap	Geelrugflap
901	831	Rooikeelflap	Rooikeelflap
902	832	Langstertflap	Langstertflap
905	833	Oranjevlerkmeelba ¹⁴⁴	Geelrugmeelba
906	834	Melba ¹⁴⁵	Gewone Melba
907	835	Groenspoorpensie ¹⁴⁶	Groenkolpensie
908	836	Rooiwangwoudsiesie ¹⁴⁷	Rooirugsaadvretertjie
909	837	Oostelike saadbretertjie ¹⁴⁸	Rooistertsadvretertjie
911	838	Rooskeelkolpensie	Rooskeelkolpensie
910	839	Rooikeelkolpensie	Rooikeelkolpensie

914	840	Kaapse vuurvinkie	Kaapse Vuurvinkie
915	841	Jamesonse vuurvinkie	Jamesonse Vuurvinkie
913	842	Rooibekvuurvinkie	Rooibekvuurvinkie
912	843	Bruinvuurvinkie	Bruinvuurvinkie
916	844	Blousysie	Gewone Blousysie
917	845	Koningblousysie	Koningblousysie
922	846	Rooibeksysie	Rooibeksysie
923	847	Swartwangsysie	Swartwangsysie
918	848	Gryssysie	Gryssysie
919	849	Angolasysie ¹⁴⁹	Swartoogsysie
921	850	Swie	Suidelike Swie
920	851	Tropiese swie	Tropiese Swie
925	852	Kwartelvinkie	Gewone Kwartelvinkie
926	853	Rooivlerkkwartelvinkie	Rooivlerkkwartelvinkie
924	854	Rooiassie	Rooiassie
930	855	Bandkeelvink	Bandkeelvink
931	856	Rooikopvink	Rooikopvink
927	857	Fret	Gewone Fret
928	858	Rooirugfret	Rooirugfret
929	859	Dikbekfret	Dikbekfret
937	860	Koningrooibekkie	Koningrooibekkie
936	861	Pylstertrooibekkie	Pylstertrooibekkie
938	862	Paradysvink	Gewone Paradysvink
939	863	Breëstertparadysvink <i>Blouvinkies</i> ¹⁵⁰	Breëstertparadysvink
933	864	Swartblouvinkie	Gewone Blouvinkie
934	864.1	Groenblouvinkie	Groenblouvinkie
935	865	Persblouvinkie	Witpootblouvinkie
932	867	Staalblouvinkie	Staalblouvinkie
940	868	Beukvink ¹⁵¹	Gryskoppie
945	869	Afrikaanse kanarie ¹⁵²	Geellogkanarie
943	870	Swartkeelkanarie ¹⁵³	Bergkanarie
944	871	Palmkanarie ¹⁵⁴	Geelborskanarie
941	872	Kaapse kanarie	Kaapse Kanarie
942	873	Gestreepte kanarie <i>Pietjies</i> ¹⁵⁵	Gestreepte Kanarie
952	874	Fynbospietjie	Kaapse Pietjiekanarie
953	875	Drakensbergpietjie	Bergpietjiekanarie
955	876	Swartkopkanarie	Swartkopkanarie
954	876.1	Bontkopkanarie	Bontkopkanarie
947	877	Dikbekkanarie	Dikbekkanarie
946	878	Geelkanarie	Geelkanarie
948	879	Witkeelkanarie <i>Saadvreter</i> ¹⁵⁶	Witkeelkanarie
951	880	Proteasaadvreter	Witvlerkkanarie
949	881	Streepkopsaadvreter	Streepkopkanarie
950	882	Swartoorsaadvreter	Swartoorkanarie
960	883	Geelstreepkoppie	Geelstreepkoppie
959	884	Rooirugstreepkoppie	Rooirugstreepkoppie
958	885	Rooivlerkstreepkoppie	Rooivlerkstreepkoppie

957	886	Klipstreepkoppie	Klipstreepkoppie
956	887	Vaalstreepkoppie	Vaalstreepkoppie

Notas by die naamlys:

a) Algemene notas by die 2008 lys

- Op taalkundige advies word die tweede woord in 'n naam met 'n kleinletter geskryf. Daarom word 'n naam bv. as 'Kaapse pikkewyn' geskryf i.p.v. 'Kaapse Pikkewyn'.
 - Afrikaans en Engels onderskei nie altyd genera ooreenkomstig nie. In Afrikaans mag die genus *Cisticola* verdeel word tussen Klopkloppies en Tinktinkies, terwyl hulle in Engels almal *Cisticolas* sal heet. Óf Engels mag onderskeid maak tussen Scimitarbills en Woodhoopoes, terwyl die spesies in Afrikaans eenvormig Kake-laars heet. Nogtans is die groepbenamings in hierdie lys fyner verdeel, en stem soms nouer met die indelings van ander Europese tale ooreen.
 - Dit moet in aanmerking geneem word dat die hoeveelheid spesies van 'n bepaalde groep, neem bv. die Langstertjies, verdubbel of verveelvuldig sodra 'n wêreldlys in aanmerking geneem word.
Hierdie groter versameling spesies is gewoonlik onderskeibaar in ondergroepe, soos wat die Langstertjies bestaan uit die genus *Prinia* asook ander soortgelyke maar byna onverwante genera. Die arbitrêre suider Afrikaanse segment kon dusver in die beperkte raamwerk van suider Afrikaanse lyste eenvormig benoem word. Met 'n breër perspektief is benaming makliker, en onderskeid duideliker wanneer groepe fyner onderskei word:
 - Langstertjies word byvoorbeeld verdeel in *Prinias* ('n homogene groep in die genus *Prinia*) en Langstertjies, waarvan die soorte behoort aan uiteenlopende genera.
 - Janfrederikke word byvoorbeeld verdeel in die onderskeibare groepe van Janfrederikke (*Cossypha*), Lawaaimakers (ook *Cossypha*) en Akalats (*Akalat*).
 - Die gevolg van 'n fyner onderskeiding is soms dat suider Afrikaanse name vereenvoudig kan word, wat een van die doelstellings van die lys is. Sodra die naam Vleisanger bv. gereserveer word vir spesifiek die *Acrocephalus*-soorte wat 'n gestreepte kroon het, bly daar net een suider Afrikaanse spesie oor wat aan die beskrywing voldoen. Hierdie spesie kan dan Vleisanger genoem word, eerder as Europese vleisanger, 'n naam wat boonop 'n gebied aandui waar meer lede van hierdie ondergroep voorkom. Vir die onverwante 'Kaapse vleisanger' word 'n nuwe naam geskep, naamlik Kuilsanger.
 - Die *enigste* Afrikaanssprekende persoon wat die Afrikaanse lys voorheen in geheel aangespreek het was OPM Prozesky, en sy keuses getuig telkens van sinvolle en goeie oordeel. Die nuwe voorstelle handhaaf 'n balans tussen sy voorstelle en die ontwikkeling van die name in die 34 jaar sedert sy voorstelle vir die eerste keer gepubliseer is.
 - Hierdie dokument verwys dikwels na die opgawe van Afrikaanse volksname wat deur EJM Baumbach opgestel is. Sy samevatting van die name wat tot en met 2006 aangeteken is, word ook geraadpleeg om 'n aanduiding te verkry van watter name oor Afrikaanse presedente beskik.
-

b) Spesienotas

Die lys sluit 'n beperkte getal alternatiewe name in benewens die voorstelle wat hier bespreek word.

n1. Koningpikkewyn

'n Taalkundige wisselvorm word verkies en die verbinding –s word uitgelaat.

n2. Kaapse pikkewyn

Verskillende pikkewynspesies toon noue fisiese ooreenkomste. Spesifiek dra al 4 spesies van die genus *Spheniscus* die ringmerk op die gesig. Die voorgestelde benaming onderskei hulle deur eerder na die onderskeie streeksverspreidings te verwys. Die vier spesies word dan:

1. **Kaapse pikkewyn** *Spheniscus demersus*
2. Humboldtpikkewyn *Spheniscus humboldti*
3. Galapagospikkewyn *Spheniscus mendiculus*
4. **Magellaniese pikkewyn** *Spheniscus magellanicus*

Die naam Brilpikkewyne is geskik as groepnaam vir genus *Spheniscus*.

Presedente: 'Bril'pikkewyn is geskep deur OPM Prozesky, 1974, en daarna aanvaar deur Roberts 5, 1984. E.L. Gill en Roberts 1 tot 4 meld slegs 'Pikkewyn'.

n3. Magellaniese pikkewyn

Die taalkundige advies op hierdie naam ontvang is effens dubbelsinnig. Die spesie word vernoem na die verspreidingsstreek en nie na die persoon Magellaan nie. Die onderskeid is dieselfde as die verskil tussen die Engelse name Magellan's en Magellanic. Die uitgang is blykbaar sonder 'n presedent in Afrikaans.

n4. Langkuifpikkewyn

Die naam is reeds in gebruik as alternatief vir Macaroni-.

n5. Albatrosse (genus *Diomedea*)

Eers in die onlangse tyd is twee Afrikaanse name aan hierdie groep toegeken, beide Malmok en Albatros. Die naam Albatros word nou spesifiek voorgestel vir spesies van die eenvormige genus *Diomedea*, wat na taksonomiese hersiening uit 6, miskien 7 spesies bestaan, waarvan 4 reeds in ons streekwaters aangeteken is. E.L. Gill se gids illustreer op bl. 198 die groot verskil tussen *Diomedea* en *Thalassarche*.

Spesies: Omdat die genus voortaan sy eie naam dra kan die spesiename ook vereenvoudig word. Aangesien die 6 Witalbatrosse soortgelyke afmetings het, maak dit nie meer sin om na twee spesies as Grootalbatrosse te verwys nie. Die name word vervang met 'Swerwer'albatros en 'Tristan'albatros.

Presedent: E.L. Gill en Roberts 1 tot 4 dui die Swerweralbatros (nou *Diomedea*) aan as die enigste Albatros. Dit is duidelik dat dit die oorspronklike naam vir hierdie soort Albatros was, en dat verwarring later ingetree het. W.L. Sclater, 1906, onderskei in sy Suid-Afrikaanse Engelse name soortgelyk tussen Albatross en Mollymawk.

Nota: Die naam Albatros kan ook as 'n generiese naam aangewend word, en word oorweeg vir die noord Stille Oseaan spesies, wat 'n unieke verwantskap het.

n6. Malmokke (genus *Thalassarche*)

Soos by die vorige groep is in die onlangse tyd twee Afrikaanse name per spesie toegeken, nl. Malmok en Albatros. Wêreldlyste vereis een naam per spesie, soos ook

in reël 1 aanvaar word. Malmok verwys soos die Engelse ‘Mollymawk’ slegs na ‘n klein albatross. Peter Harrison gebruik hierdie naam reeds in die eerste uitgawe van sy seevoëlgids: ‘*term is retained ... conveniently separating the smaller, Southern Oceans dark-backed albatrosses from ... larger species of white-backed albatrosses*’. Die *Thalassarche* albatrosse is redelik kenmerkend as groep, met redelik konstante afmetings. Die naam Malmok is dan geskik vir die genus *Thalassarche*, word reeds gebruik en kan sonder dubbelsinnigheid toegepas word.

Spesies: Swartbroumalmok: 'brou' is 'n alternatiewe vorm van wenkbrou of winkbrou. Dit maak nie veel sin om enige Malmok te beskryf as Swartrug- nie. Ook in hierdie spesie is die rug bruin of grys, soos meeste ander Malmokspesies. Die vlerk kan wel baie donker wees, soos ook by die Campbellse malmok en ander.

Presedente: Roberts 1 tot 4 gebruik slegs die naam Malmok vir die spesies wat tans aan die genus *Thalassarche* toegeken word. WL Sclater, 1906, se Engelse name meld slegs ‘Mollymawk’ vir die *Thalassarche* spesies.

Taksonomie: Hierdie benamings stem ooreen met taksonomiese verwantskappe. Mt-DNA dui aan dat die Bruinmalmokke (genus *Phoebetria*) en Malmokke (genus *Thalassarche*) verwant is, en onderskeibaar is van beide die Witalbatrosse en noord-Stille Oseaan albatrosse (Nunn et al., 1996)

Reël: Reël 1 bepaal dat een naam per spesie gebruik word.

Genus *Phoebetria*

Nota: Weens die nouer verwantskap van genera *Phoebetria* en *Thalassarche* word genus *Phoebetria* ook malmokke genoem.

Presedente: Roberts 1 tot 4 gebruik ‘Bruin malmok’, en nie ‘Bruin albatros’ nie.

n7. Seeduif

Die naam Seeduif kan alleenstaande gebruik word, net soos daar nie noodwendig van ‘n Pediunkerstormvoël of Meitjiekoekeek gepraat word nie. Seeduif of Kaapse duif blyk die oorspronklike vorm van die naam te wees, afgelei uit ‘n besonder vroeë Portugese benaming.

Presedente:

1. E.L. Gill en Roberts 1 tot 4 gebruik Seeduif
2. E.J.M. Baumbach meld Seeduif, Duif en Kaapse Seeduif.

n8. Nellies

Die Nellies kan nie ter see as ‘Groot’ of ‘Reuse’ onderskei word nie, en hul vlerkspan verskil gemiddeld met 5cm, natuurlik met oorvleueling. Vir praktiese doeleindes gee hulle die indruk van een en dieselfde grootte, terwyl die name ‘n wanindruk skep van verskillende groottes.

Veredrag: Ook toon die veredrag soveel variasie, van volkome donkerbruin tot wissellende wit vlekke met toenemende ouderdom, in beide spesies, dat hierdie kenmerke kwalik in ‘n naam omskep kan word. Slegs kan gesê word dat die ‘noordelike’ spesie meer geneig is tot ‘n donker kroon, met die wit kleur meestal beperk tot onder die oogvlak. Die ‘suidelike’ spesie het wel ‘n unieke wit vorm.

Kruisings kom voor en dit is verder moontlik dat die noordelike ‘spesie’ uit twee spesies bestaan: die bevolking van die Gough – Tristan eilandgroepe toon bv. sekere ooreenkomste met die suidelike spesie.

Verdere verskille is ‘n bleek teenoor donker oog, ter see meestal onsigbaar, wat ook vertroebel word deur kruisings.

Verspreiding: Die spesies se verspreiding verskil in die poolstreek, waar slegs die 'suidelike' spesie voorkom. Na die noorde is hul broei- en seeverspreiding identies en oorvleuelend.

Snawelkleur: Snawelkleur is die mees konstant onderskeidende kenmerk, alhoewel slegs met toenemende ouderdom. Onlangse nesverlaters toon slegs 'n bleek snawel, met soliede bruin veredrag, en is prakties ononderskeibaar van mekaar. Jong voëls verkry egter 'n toenemende rosige tint (nie donker) in die noordelike spesie wat van naby sigbaar is, en volwassenes verkry 'n rooierige snawelpunt.

Die snawelpunt van die suidelike spesie is groen en donkerder, toon kontras, en word donkergroen met volwassenheid, byna donkergrys.

Rasse: Die Gough-Tristan bevolking toon ooreenkomste met die suidelike spesie. Ook is die Stille Oseaan bevolking van die noordelike spesie onderskeibaar.

Benamingopsies: Daar is twee opsies naamlik Noordelike en Suidelike nellie, of Rooibek- en Groenbekenellie. Die eerste opsie word verkies omdat dit deur aansluiting by internasionale name die minste verwarring meebring.

Presedent: Daar is min presedent vir enige naamkeuse. Tot en met Roberts 4 is daar nog nie onderskei tussen Nelliespesies nie.

Verdere verwysings: Vir verdere bespreking van die onderwerp, sien:

- Albatrosses, Petrels and Shearwaters of the World (Helm Field Guides)
- Petrels, Hadoram Shirihai

n9. Keilsterte

Die groepnaam word reeds so gebruik. Daar is baie min spesies waarvan twee kenmerke in een naam saamgevat word. Daarom reflekteer die voorgestelde spesie name nie beide vlerkkleur (wisselvallige kenmerk) en stertvorm nie, maar beklemtoon die verskil in grootte. Beide snaweldikte en liggaamgrootte verskil heelwat. Lg. afmetings is 31cm teenoor 26cm.

n10. Atlantiese stormvoël

Hierdie naam word reeds gebruik aangesien Bruinvlerkstormvoël een van die verwarrende name op die Roberts 5 lys was.

n11. Barause stormvoël

Die b.nw. vervoeging van Barause word verkies bo Barau-. Dit is 'n taalkundig vereenvoudigende reël wat deurgevoer word. Taalkundige advies dui aan dat dit bv. korrek sou wees om te praat van Kerguelenese -, Marionese - en Chathamese -, opsies wat liever nie gebruik word nie.

By persoonsbyvoeglike naamwoorde, waar dié persoon wel iets met die benaming van die spesie te doen het, word die vervoeging '-se' gebruik. By geografiese byvoeglike naamwoorde word op die oor afgegaan. Dit word dan bv. Chathamalmok, Senegalvleiloerie, maar wel Natalse -, Kaapse -.

Reël: Sien reël 7 rakende vereenvoudiging van name.

n12. Kerguelenstormvoël

Soos reeds aangedui word geografiese byvoeglike naamwoorde volgens 'n reël vereenvoudig.

n13. Pylstormvoëls

Die voorstel is dat hierdie naam net vir die genus *Calonectris* aangewend word, met die gevolg dat heelwat verwarring uitgeskakel word. Die betrokke spesies sal dan wees:

- | | | |
|-----------------------------------|----------------------------------|--------------|
| 1. Pylstormvoël | <i>Calonectris diomedea</i> | (Cory's) |
| 2. Atlantiese pylstormvoël | <i>Calonectris (d.) borealis</i> | (Cory's) |
| 3. Mediterreense pylstormvoël | <i>Calonectris (d.) diomedea</i> | (Scopoli's) |
| 4. Gestreepte pylstormvoël | <i>Calonectris leucomelas</i> | (Streaked) |
| 5. Kaap Verdiese pylstormvoël | <i>Calonectris edwardsii</i> | (Cape Verde) |

Nota: Let dat daar ook 'n Kaap Verdiese stormduiker bestaan, en dat die voorgestelde name verwarring in die verband sal uitskakel.

Presedent: In Roberts 4 word die naam Pylstormvoël net vir twee soortgelyke spesies aangewend, waarvan weliswaar een groot *Puffinus* spesie wat destyds nog nie van die *Calonectris*-groep onderskei is nie. Eers vanaf Roberts 5 word die naam toegepas op kleiner *Puffinus*-spesies wat vooraf oor geen Afrikaanse name beskik het nie.

n14. Stormduikers

Die genus *Puffinus* word vanaf Roberts 5 Pylstormvoëls genoem. Dit het soos die vorige genus taksonomiese hersiening ondergaan, en die getal spesies het binne en buite die streek toegeneem. Voorts is daar elke geleentheid vir verwarring met die Pylstormvoëls weens name en verspreidings. Daar is byvoorbeeld twee naverwante Mediterreense *Puffinus* spesies, wat op die naam af maklik met die Mediterreense pylstormvoël verwar kan word. Verder is daar 'n ook Kaap Verdiese spesie (of ras), wat weereens maklik met die Pylstormvoël van dieselfde eilandgroep verwar kan word. Daar word voorgestel dat die groepnaam Stormduikers, afgelei van die Duitse naam, vir die genus *Puffinus* gebruik word.

Die taksonomie van die kleiner spesies van die groep is tans vloeibaar, maar kan heelwat vereenvoudig soos volg aangedui en benoem word:

- | | | |
|--|--------------------------------|-------------------------|
| 1. Kleinstormduiker | <i>Puffinus assimilis</i> | (Little Shearwater) |
| 2. Subantarktiese stormduiker ¹ | <i>Puffinus (a.) elegans</i> | (Subantarctic Little) |
| 3. Makaronesiese stormduiker ² | <i>Puffinus (a.) baroli</i> | (North Atlantic Little) |
| 4. Subtropiese stormduiker | <i>Puffinus lherminieri</i> | (Audubon's) |
| 5. Persiese stormduiker ³ | <i>Puffinus l. temptator</i> | (Persian) |
| 6. Karibbiese stormduiker | <i>Puffinus l. lherminieri</i> | (Caribbean) |
| 7. Tropiese stormduiker | <i>Puffinus bailloni</i> | (Tropical) |

1. Na bewering is die Subantarktiese spesie (of ras) ook in SA waters aanwesig, indien nie meeste van bg. spesies en rasse buite hul broeiseisoene nie.

2. Makaronesiese word verkies bo Noordatlantiese aangesien dit verwarring met die Karibbiese stormduiker uitskakel. Die spesie het weer kenmerkende rasse.

3. Die 'Persiese' stormduiker is die ras van die Subtropiese stormduiker wat aan die Afrikaanse ooskus waargeneem word. Dit sluit die Atlantiese ras uit, en kan weer verdeel word tussen rasse van die Comores en Arabiese see.

Presedent: *Dts:* Sturmtaucher, Roberts 4 bevat nog geen groepnaam vir genus *Puffinus* nie, en 5 uit 7 spesies bly onbenaamd. Roberts 5 leen die naam Pylstormvoël, wat voorheen dubbelsinnig toegepas is.

n15. Bleekpootstormduiker

Die naam Bruinpylstormvoël, soos die naam Bruinvlerkstormvoël, word meer niks-seggend namate die getal spesies toeneem, of groter geografiese areas beskou word. Die voorstel is dat daar ingeval word by die name van ander tale.

Presedente:

1. *Eng:* (alternatief) 'Pale-footed Shearwater', *Dts:* Bläßfuß-Sturmtaucher, d.w.s. 'Bleekvoetstormduiker'.
2. In Roberts 4 beskik die spesie nog nie oor 'n Afrikaanse naam nie, en 'Bruin pylstormvoël' word inderdaad toegeken aan die werklike Pylstormvoël, tans 'n ander genus.

n16. Malbaartjie

Word reeds so gebruik. Vanaf Roberts 4 is 'n foutiewe naam, Malbaartjie, gebruik.

Presedent: OPM Prozesky, o.a., gebruik die korrekte vorm Malbaartjie.

n17. Tropiese stormduiker

Die spesie wat by verstek die 'Klein' stormduiker genoem word, ook in Engels, is *Puffinus assimilis*. By die ander verwante spesies wat almal van min of meer dieselfde grootte is, word die naam Klein- nie telkens gebruik nie. Elke ander spesie in die groep word vernoem na die streek waarin dit voorkom. Die Tropiese stormduikers word soms as volg verdeel:

1. **Tropiese stormduiker** *Puffinus bailloni* (Tropical)
2. Maskareense stormduiker¹ *Puffinus (b.) 'atrodorsalis'* (Mascarene)
3. 'n Stille oseaan groep

1. Die Maskareense stormduiker is 'n moeilik onderskeibare groep, wat bestaan uit twee rasse waarvan een in SA waters voorkom.

Presedent: In Engels word hierdie spesie ook 'Tropical Shearwater' genoem.

n18. Stormswaels

Die name Europese stormswael en Gewone stormswael is reeds in gebruik.

Reël 8: Die term 'Gewone' voldoen hier aan die reël.

n19. Tropevoëls

Daar is internasionaal verskillende spesies wat kan meeding vir die naam Pylstert. Om verwarring uit te skakel word die naam Pylstert slegs gebruik vir die groep eende wat gepunte sterte het, sien Pylstert, en Pylstertjies vir 'n groep tropiese suikerbekkies.

Presedent: OPM Prozesky gebruik Tropevoël. EJM Baumbach het ook die naam Keerkringvoël opgeteken.

n20. Kaapse malgas

Soos by die Kaapse pikkewyn is daar verwante, en byna identiese spesies, naamlik die Noordelike malgas en Australiese malgas wat beide essensieël dieselfde kleurpatroon toon. Hierdie spesies verskil hoofsaaklik deur hul diskrete geografiese verspreidings. Omdat 'Wit' malgas ook dikwels nie die volksmond inval vind nie, word die geografiese naam voorgestel.

Presedent: EJM Baumbach teken Kaapse malgas aan as in die volksmond.

n21. Kormorante

Die oorspronklike Afrikaanse naam vir die groep was inderdaad Duikers, sien W.L. Sclater, 1906, asook die Oxford woordeboek. Daar is egter reeds verskillende seevoëlspesies (en soogdiere) wat meeding vir die naam Duiker. Benewens 'Stormduikers', is daar die Alke, waaronder ingesluit word die Seeduikergenera *Endomychura*, *Brachyramphus* en *Synthliboramphus*. Verder word Dobbertjies in die volksmond 'Duikers' genoem, en is daar ook Duikstormvoëls, Papegaaiduikers en Roofduikers (Roberts 4).

Die naam 'Duiker' word toegeken aan die genus *Gavia* (Engels: Divers). Weens die tekort aan Afrikaanse name vir duikende voëls, is die ondubbelsinnige 'Kormorant' 'n nuttige benaming.

Presedent: OPM Prozesky gebruik Kormorant. EJM Baumbach teken beide Kormoraan en Kormorant aan as volksname, gee voorkeur aan eersgenoemde, en meld slegs Kormoraan onder groepsname.

Nota: In moderne Duits en Frans, heet dit 'kormoran', en as alternatief in Nederlands kormoraan, sien <http://www.encyclo.nl/begrip/kormoraan>. Die etimologie van die Engelse naam is oudengelse cormaraunt, uit oudfranse cormorant. Alhoewel die HAT woordeboek beide vorme aangee, word 'Kormorant' verkies wat voorheen gebruik is, en minder herinner aan die onverwante Korhaan.

n22. Nagreier

Die naam vanaf Roberts 5 is Gewone nagreier. Sommige persone is effens gekondisioneer om 'n beskrywer vooraan te plaas. Ongeveer 99 uit 100 nagreiers wat in Suid-Afrika gesien word sal van hierdie spesie wees, wat beteken dat 'n beskrywer oorbodig is.

Presedent: EL Gill, Roberts 1 tot 4 en OPM Prozesky gebruik slegs Nagreier. EJM Baumbach meld ook Swartkopnagreier, miskien 'n anglisme. Vgl. *Dts*: Nachtreiher.

n23. Rietreier

Daar word voorgestel dat name van Rietreiers, genus *Ixobrychus*, onderskei word van die heelwat groter Roerdomp, genus *Botaurus*, onder meer omdat die groottes wat tans aan die spesies toegeken word, minder sinmaak in die internasionale geval. Die eenvoudigste naam word weereens behou vir die mees algemene spesie in SA, die Rietreier (*I. minutus*), wat ook wêreldwyd die mees algemene spesie is.

- | | | |
|--------------------------|---------------------------|-------------------------|
| 1. Dwergrietreier | <i>Ixobrychus sturmii</i> | (Dwarf) |
| 2. Kleinrietreier | <i>Ixobrychus minutes</i> | (Least) Amerikaanse sp. |
| 3. Rietreier | <i>Ixobrychus minutes</i> | (Little) |
| 4. ander spesies | | |

Verskillende rasse van die Rietreier kan onderskei word, Afrikaanse rietreier, *I. m. payesii*, Eurasiëse rietreier, *I. m. minutes*, Madagaskarrietreier, *I. m. podiceps*, en Australiese rietreier, *I. m. dubius*. Indien die Rietreier taksonomiese hersiening ondergaan word dit maklik om die nuwe spesie te benoem.

Reël 7: Eenvoudigste name word behou vir algemene SA spesies.

Presedent: Die naam 'Klein'rietreier is nooit voor Roberts 5 gebruik nie. Die rietreier-alternatief is ingevoer in Roberts 5, asook deur OPM Prozesky as alternatief vir die Nederlandse leenwoord 'Woudaapje'. W.L. Sclater, 1906, maak geen melding van lg. nie, en die spesie is ook nie juis Nederlands nie.

n24. Roerdomp

Die Roerdomp (genus *Botaurus*) behoort aan 'n ander, redelik eenvormige genus. Almal is groot, heelwat groter as die Rietreiers. Alhoewel die Roerdomp effense grootteverskille toon, word die naam 'Groot' nie vir enigeen voorgestel nie:

1. **Roerdomp** *Botaurus stellaris*
Afrikaanse roerdomp *B. s. capensis*
Eurasiëse roerdomp *B. s. stellaris*
2. Amerikaanse roerdomp *Botaurus lentiginosus*
3. twee ander spesies

Presedente: W.L. Sclater, 1906, E.L. Gill, 1936, en Roberts 1 tot 4 gebruik slegs Roerdomp.

n25. Swartooievaar

Dit maak meer sin om 'n teëstelling te tref met die Witooievaar as met die Klein-swartooievaar.

Presedent: Oorspronklik 'Swart ooievaar' in E.L. Gill, 1936. EJM Baumbach, 2006, bevestig Swartooievaar. In die Germaanse tale is dit telkens dieselfde, *Ned:* Zwarte Ooievaar, *Dts:* Schwarzstorch, *Sw:* Svart Stork, *Eng:* Black Stork.

n26. Geelbekooievaar

Die spesie word soms 'n Nimmersat genoem. Die verwante spesies word oorwegend ooievaars genoem in Europese tale. Vir eenvormigheid is die voorstel dat die spesies as volg benoem word:

- | | |
|---------------------------|------------------------------|
| 1. Geelbekooievaar | <i>Mycteria ibis</i> |
| 2. Kartelvlerkooievaar | <i>Mycteria leucocephala</i> |
| 3. Melkwitooievaar | <i>Mycteria cinerea</i> |
| 4. Manglietooievaar | <i>Mycteria americana</i> |

Presedent: OPM Prozesky gebruik Geelbekooievaar, sien ook EJM Baumbach, 2006. Nimmersat blyk terloops nie 'n plaaslike volksnaam te wees nie, maar 'n Nederlands-Duitse leenwoord. Sclater, 1906, meld dit nie, en behalwe vir koloniale areas is dit nie 'n Nederlandse of Duitse spesie nie.

n27. Heilige ibis en Skoorsteenveër

Vyf ibissoorte voldoen tot groter of mindere mate aan die beskrywing van swart nek en kop, met gefraingde swart skapulêre vere. Een van die opsies is om die groep eenvormig te benoem soos onder aangedui:

- | | |
|------------------------|------------------------------------|
| 1. Heilige ibis | <i>Threskiornis aethiopicus</i> |
| 2. Bernierse ibis | <i>Threskiornis bernieri</i> |
| 3. Asiatiese ibis | <i>Threskiornis melanocephalus</i> |
| 4. Australiese ibis | <i>Threskiornis molucca</i> |
| 5. Strooinekibis | <i>Threskiornis spinicollis</i> |

Presedente:

1. **Heilige ibis:** Voorkeur word gegee aan O.P.M. Prozesky wat hierdie naam as eerste keuse aangee. Sien ook Baumbach, 2006. Vgl. Grieks: *Threskiornis* (geloofsvoël), *Ned:* Heilige Ibis, *Dts:* Heiliger Ibis, *Fr:* Ibis sacre, *Eng:* Sacred Ibis, en ander.
2. **Skoorsteenveër:** Oorspronklik 'Schoorsteen veger', Stark en Sclater, 1906.

Nota: Sommige raadgewers meld dat die byvoeglike naamwoord 'Heilige' hinderlik is. Daar is egter ook 'n Heilige visvanger, *Eng:* Sacred Kingfisher, *Ned:* Heilige Ijsvogel, in Australasië.

n28. Teeleendjie

Die naam 'teal' het in Nederlands ontstaan as Taling, 'n nabootsing van die stygende en dalende fluitroep. Daar bestaan nie 'n Afrikaanse naam vir die teeleend-groep nie, en 'taling' sal nie byval vind nie. Daarom word meeste 'teals' eendjies genoem. As gebruikers per ongeluk die -tjie laat val, sal dit nie veel verwarring meebring nie.

Die gebruik van 'eendjie' dui hoofsaaklik die verskil in grootte tussen teeleende en eende aan. In SA bring dit nie 'n groot verskil mee nie, maar met groot getal 'teals' wêreldwyd, is dit nuttig om onderskeid te tref.

Presedent: Roberts 4 gebruik Teeleendjie, vgl. ‘Teal-eendje’, WL Sclater, 1906.

n29. Pylstert

Die voorstel is dat Pylstert slegs na ‘n groep eende sal verwys, individueel en as groepnaam. Die betrokke spesies is:

1. **Pylstert** *Anas acuta*
Crozetpylstert *Anas (a.) drygalskii*
2. Kerguelenpylstert *Anas eatoni*
3. Witwangpylstert *Anas bahamensis*

Wêreldwyd kan ‘n hele paar voëlgroepe of spesies meeding vir die naam Pylstert. Die voorstel is om dit te beperk tot twee groepe: Pylsterte, ‘n groep eende, en Pylstertjies, ‘n groep tropiese suikerbekkies.

Presedent: Roberts 4 beskik nog nie oor ‘n naam vir die eendspesie nie. Roberts 5, 1984 volg OPM Prozesky, 1974, se ‘Pylsterteend’, miskien omdat daar ook ‘Pylsterte’ was.

n30. Somereendjie

In Nederlands is dit ‘n Zomertaling, d.w.s. Somer‘teeleend’. Weens die grootte van die teeleende word hulle meestal eendjies genoem.

n31. Noordelike slopeend

Die ‘Europese’ slopeend se verspreiding strek van Eurasië tot Noord-Amerika. Die voorstelle streef redelike akkuraatheid na, wat ook geloofwaardigheid van die name bevorder.

Presedent: Eng: Northern Shoveler

n32. Makougans

Strenggesproke is ‘n ‘wilde makou’ ‘n eendsoort, *Cairina moschata*, Eng: Muscovy, wat natuurlik voorkom in tropiese Amerika. Die Amerikaanse spesie word ook mak aangehou, wat duidelik die rede is dat die Afrikaanse spesie, *Plectropterus gambensis*, ‘wild’ genoem is. Laasgenoemde spesie kan ‘n gans genoem word, weens die grootte en die gewoonte om buite water op groenigheid te wei.

1. Makou *Cairina moschata*
2. **Makougans** *Plectropterus gambensis*
3. Bontmakougans *Anseranas semipalmata*
4. **Makoueende** genus *Oxyura* (7 sp. en 2 rasse)

Presedent: Daar is geen Afrikaanse presedent nie, maar die omskakeling is soortgelyk aan die geval waar ‘Wilde Kalkoen’ reeds na Kalkoenibis omgeskakel is.

n33. Makoueend

‘Bloubekeend’ is dubbelsinnig in die internasionale opsig. Benewens die Gevlekte eend wat ‘n blou snawel het, is daar ‘bloubek’-eende van verskillende genera buite die streek. Spesifiek het die sewe spesies van die genus *Oxyura*, insluitend twee kenmerkende vorme almal blou snawels. Die gevolgtrekking is dat die naam Makoueend die oplossing is om hierdie spesies nie na twee kenmerke te benoem nie.

Presedente: Roberts 1 tot 4, E.L. Gill en OPM Prozesky gebruik slegs Makoueend.

n34. Baardaasvoël

Die naam word reeds gebruik en word verkies omdat daar beweer word dat dit ‘n bewaringsvoordeel inhou. Die alternatiewe ‘Lammergeier’ of ‘Lammergeyer’ moet

strenggesproke Lammergier in Afrikaans wees, aangesien die eersgenoemdes direk uit Duits geneem word.

n35. Bateleur

Bateleur is 'n Franse naam geskep deur Francois le Vaillant. Die naam het in Suid-Afrika ontstaan en vind algemeen byval onder beide Afrikaans- en Engelssprekendes. Berghaan is 'n volksnaam vir 'n Witkruisarend en as sulks is daar geen kritiek daarteen nie. Sonder twyfel dui verskillende volksname vir die Bateleur op verwarring met die Witkruisarend, en so ook met 'Berghaan'. Die alternatief Stompstertarend word deur sekere raadgevers voorgestel en weer deur ander sterk afgekeur. Dit wil voorkom of Stompstertarend in die volksmond maklik tot Kortstertarend sal verval.

Presedent: EJM Baumbach, 2006, teken beide Bateleur en Bateleurarend aan as name in die Afrikaanse volksmond. Benewens Stompstertarend is eersg. die enigste naam vir die spesie wat nie uit verwarring ontstaan het nie.

n36. Kleinsingvalk

Die spesie word by geleentheid (Klein) witvalk(ie), Witsperwer, Witkruissperwer of Kleinsingvalk genoem. Die kenmerke van die genus *Micronisus* (voorheen *Melierax*), waarvan dit die enigste spesie is, benader genus *Melierax* (Singvalke) veel meer as genus *Accipiter* (Sperwers). In gedrag en voorkoms is die Kleinsingvalk 'n byna tipiese Singvalk, alhoewel van kleiner liggaamsgrootte.

Presedent: Roberts 5 stel Kleinsingvalk voor as een van twee opsies.

n37. Paddavreters

Die naam Paddavreter word toegeken om ooreen te stem met die Engelse benaming 'Marsh-Harriers', 'n groep wat effens verskil, en onderskeibaar is, van die Vleivalke (*Eng*: Harriers of 'Ringtails'), alhoewel beide groepe aan dieselfde genus *Circus* behoort.

Afrikaanse paddavreter kon vereenvoudig word na Paddavreter omdat die lys 'n Suid-Afrikaanse perspektief het, en EJM Baumbach dit so aanteken as volksnaam. 'Afrikaanse' is egter passend, soos ook Afrikaanse snip en Afrikaanse sperwer.

Presedent: Roberts 1 tot 4 gebruik

1. slegs 'Paddavreter' vir die Paddavreter (*Eng*: African Marsh Harrier),
2. en 'Valk' of 'Paddavreter' vir die ander *Circus* spesies.

n38. Vleivalke

Die alternatiewe naam Vleivalk wat vanaf Roberts 5 vir die eerste keer gebruik word, word aangewend vir die sg. 'Ringsterte' of 'Harriers', 'n onderafdeling van *Circus*.

1. **Swartvleivalk:** Voorgestel aangesien 'Witkruis'vleivalk eintlik na enige vleivalkspesie kan verwys, ook die spesies buite die streek.
2. **Steppevleivalk:** Voorgestel omdat beswaar gemaak is teen die onakkuraatheid van 'Witbors-'. Bestudering van vele fotos het aangedui dat 'n suiwer wit bors die uitsondering op die reël is in dié spesie, hetsy mannetjie of wyfie, alhoewel die kenmerk onduidelik is by jong mannetjies.

Presedente:

1. **Vleivalk:** Roberts 1 tot 4 gebruik óf 'Valk' óf 'Paddavreter' vir die Ringsterte, terwyl Roberts 5 beide Vleivalk en Paddavreter vir elke spesie voorstel.
2. **Swart-:** OPM Prozesky gebruik Swart-vleivalk, en E.L. Gill Swart Kuikendief. Roberts gebruik 'Witkruis Valk' (R1 - R4) of 'Witkruisvleivalk' (R5).

3. **Steppe-**: Die presedent van die Dietse tale (*Ned, Dts, Sw, Dns*) word gevolg, wat dit deurgaans Steppe(n)- noem. EL Gill noem dit ‘Vaal’ Kuikendief, en Roberts 4 ‘Vaal’ Paddavreter. ‘Witbors’ vleivalk in Roberts 5, blyk afgelei te wees van Roberts 3 en 4 se effens onakkurate illustrasies.

n39. Kransvalk

‘Kransvalk’ word beskou as beskrywend en vereenvoudigend. Die getal spesies wat aan hul grootte onderskei word, word verminder soos by die Rietreiers. Verder is daar ‘n redelik ingewikkelde situasie by die verwante rasse (of spesies) wat makliker deur die naam Kransvalk aangedui kan word. Die naam Toringvalk word ook ingevoer, vir ‘n ras, of spesie, wat moontlik as swerwer in die streek mag voorkom.

Groepnaam: Rooivalke (*Eng:* Kestrels)

- | | | |
|-----------------------------|-------------------------------|---------------|
| 1. Kransvalk | <i>Falco (r.) rupicolus</i> | (Rock) |
| 2. Afrikaanse toringvalk | <i>Falco (r.) archeri</i> | (Common) |
| 3. São Nicolause toringvalk | <i>Falco (r.) neglectus</i> | (Neglected) |
| 4. Kaap Verdiese toringvalk | <i>Falco (r.) alexandri</i> | (Alexander’s) |
| 5. Toringvalk | <i>Falco (r.) tinnunculus</i> | (Common) |

Presedent: OPM Prozesky gebruik Kransvalk. Toringvalk afgelei van *Ned:* Torenvalk en *Dts:* Turmfalke.

n40. Grysvalk

‘n Vereenvoudiging van ‘Donkergrysvalk’ wat ‘n oorblyfsel is van ‘n tydperk, tot en met Roberts 4, toe die Dickinsonse valk die ‘Grysvalk(ie)’ genoem is.

Reël 7: Vereenvoudiging na ‘aanlas’ van name.

Presedent: Roberts 4 gebruik Grysvalk(ie) vir hierdie spesie.

n41. Dickinsonse valk

Vereenvoudiging van ‘Dickinsonse grysvalk’. ‘Grysvalk’ is net beskrywend, en nie ‘n verwante groep soos Rooivalke nie. Dickinsonse grysvalk is dan ‘n oorbodige teëstelling, en ook ‘n voorbeeld van name wat aangelas is by voriges.

Reël 7: Vereenvoudiging, weereens na ‘aanlas’ by vorige naam.

Presedent: Roberts 4 gebruik Dickinsonse valk.

n42. Asiatiese klippatrys

Die naam Klippatrys is die groepnaam wat vir die genus *Alectoris* gekies is.

Presedente: *Ned:* Steenpatrijse, *Dts:* Steinhühner.

Reël 9: Germaanse tale word gebruik as riglyn.

n43. Gewone kwartel

Oorspronklik genoem Kwartel, en meer onlangs ‘Afrikaanse’ kwartel. Dit is egter vêr buite Afrika verspreid, en broei wydverspreid in Asië, tot aan die Stille Oseaan. Dit voldoen wel aan die benaming ‘Gewone’, wat oor die algemeen afgeskaal word maar hier passend is. WL Sclater, 1906, maak onderskeid tussen die ‘Cape Quail’, *C. africana*, met ‘n rooi wang en keel, en ‘European Quail’, *C. communis*, met ‘n wit wang: ‘only recently that Mr. Grant has separated the South African Quail as distinct from the European bird, which is found throughout the greater part of Europe and Asia, ... wintering in Africa’. ‘Afrikaanse’ kan gereserveer word vir eersg. ras, of ‘n moontlike afsplyting.

Presedent:

1. OPM Prozesky gebruik 'Gewone' kwartel. WL Sclater, 1906, EL Gill, 1936, en EJM Baumbach, 2006, teken Kwartel aan as volksnaam, sonder die beskrywer Afrikaanse, en sonder twyfel die oorspronklike naam.
2. 'Afrikaanse' is 'n direkte vertaling van *Eng*: 'African Quail', *C. c. africana*, in Roberts 1 tot 4, en soos die Engelse naam 'n foutiewe poging om 'n beskrywer in te sluit. Die Engelse naam is vanaf Roberts 5, 'Common' Quail.

Reël 8: Gebruik van die beskrywer 'Gewone' is hier geldig.

n44. Pou

Die naam 'Mak'pou gaan nie inslag vind nie. In die volksmond word *Pavo*-poue oor 'n lang tydperk slegs Poue genoem. Ook is daar geen 'mak' spesies op die lys van wildevoëlspesies nie. Die pouspesies word benoem Pou, Groenpou en Kongopou.

Presedent: Tot 1996 is slegs die naam 'Pou' gebruik, nie net in voëlgids nie, maar ensiklopedieë ensomeer.

n45. Tarentaal

Daar is net twee tarentaalspesies in SA, waarvan een skaars en lokaal en die ander algemeen en wydverspreid is. Die b.n.w. 'Gewone' vind nie inslag nie en die algemene spesie word in die volksmond slegs Tarentaal genoem.

Reël 8: Gebruik van die beskrywer 'Gewone' is hier oorbodig.

Presedent: Roberts 1 tot 4 gebruik Tarentaal. Sclater, 1906, meld reeds 'Tarantal' en EJM Baumbach, 2006, meld vele volksnaamvariante daarvan, telkens sonder 'Gewone'.

n46. Ral

Die voorstelle by die Ralle (familie *Rallidae*) word beïnvloed deur die internasionale situasie, waarvan die SA spesies 'n redelik veelsydige segment verteenwoordig. Met die uitsondering van Koningriethane, Waterhoenders, Bleshoenders en Vleikuikens beslaan dit 'n verdere 113 spesies, bestaande uit verskillende groepe. Hierdie groot getal spesies word in Europese tale verskillende name toegeken vir onderskeiding. Die duidelikste onderskeid kan getref word tussen spesies met lang snawels (Ralle) teenoor spesies met kort snawels (Riethane en riethenne).

Genus *Rallus*:

Genus *Rallus* is een van die groter genera, bestaande uit 10 spesies, homogeen in voorkoms en van neotropiese oorsprong. Die enigste SA spesie, aanvanklik die 'Riethaantjie' in Roberts 4, word later 'n 'Groot'riethaan genoem, maar die verskil in grootte en kenmerkende roepe is juis 'n aanduiding dat daar nie 'n direkte verwantskap met die veel kleiner Riethane bestaan nie.

Afrikaanse ral word voorgestel vir die Afrikaanse spesie, en Ral word ook voorgestel as groepnaam vir die familie, en as groepnaam vir genera wat lang snawels het soos bv. *Gallirallus* en ander.

Presedente: OPM Prozesky gebruik die naam Kaapse ral. Ral het ook Afrikaanse presedente in Kafferral en Ralreier (wat wel na 'n ral verwys), en word in alle Europese volksname, ook Latyn, min of meer as Ral uitgespreek. *Ned*: Ral, *Dts*: Ralle, *Sw*: Rall, *Fr*: Râle, *Ltn*: Rallus en ander.

n47. Riethen

Benewens die vorige groep word vir die internasionale situasie heelwat meer groepname vir onderskeiding benodig. Indien nie, moet meer as 'n honderd spesies inge-

sluit word onder een groepnaam, wat benaming bemoeilik en verwarring bevorder. Wat die Suid-Afrikaanse spesies betref word onderskeid getref tussen een Ral, verskillende Riethane en een Riethen, terwyl internasionaal nog meer onderskeibaar is. Swartriethen, in stede van Swartriethaan, word beskou as 'n klein verandering wat nogtans baie nuttig is om die genera *Amaurornis* (en *Rougetius*) te onderskei, 'n groep wat met 10 spesies vergelykbaar is met die ralle. Die groep het kenmerkende roepe, swart of vaalbruin veredrag, en is van oosterse oorsprong.

Die betrokke spesies is die Swartriethen (SA), Sakalawariethen (Madagaskar), Witorsriethen, Bruinriethen, Isabelriethen, Olyfriethen, Rooistertriethen, Talaudriethen, Swartstertriethen en Hooglandriethen.

Presedent: In Engels word verskillende lede van die genus 'Bush-hens' genoem, en een spesie 'n 'Waterhen'. Nederlands onderskei meeste spesies as 'Waterhoender', omdat daar 'n redelike ooreenkoms is.

Reël 7: Eenvormigheid.

Riethane

Riethane (*Porzana* spp en ander) is as groep meestal kleiner en dikwels geband. Daar is 39 spesies behorend aan 9 genera, waarvan *Porzana* met 16 spesies die talrykste is.

n48. Dwergriethaan

Die naam 'Klein'riethaan in Roberts 5, is 'n effens onverskillige verbuiging van die 'Kleinste riethaantjie' van Roberts 4. Daar is wel 'n Kleinriethaan, só bekend in verskillende Europese tale. Duidelik is Kleinriethaan dan nie die oplossing nie, en word vervang met Dwergriethaan, wat weereens ooreenstem met die Germaanse tale.

- | | | |
|-------------------------|------------------------|-------------|
| 1. Dwergriethaan | <i>Porzana pusilla</i> | (Baillon's) |
| 2. Kleinriethaan | <i>Porzana parva</i> | (Little) |

Presedente:

1. **Dwergriethaan**, *Ned:* Kleinst Waterhoen, d.w.s. Kleinste, *Dts:* Zwergsumpfhuhn, *Sw:* Dvärgsumphöna.
2. Kleinriethaan, *Eng:* Little Crake, *Ned:* Klein Waterhoen, *Dts:* Kleines Sumpfhuhn, *Sw:* Mindre Sumphöna.

Reël 7: Germaanse tale, insluitend Engels, gee 'n riglyn.

n49. Koningriethaan

Die naam Koningriethaan dui reeds aan dat die spesie buitengewoon is, hetsy dit na die helder kleure of die grootte verwys. Ook is die spesie wydverspreid in die ou wêreld en is daar 13 rasse, wat soms in drie kenmerkende spesies verdeel word:

1. **Afrikaanse koningriethaan** *P. (p.) madagascariensis* (groen vlerke)
2. Eurasiese koningriethaan *P. (p.) porphyrio* (blou vlerke, bleker gesig)
3. Australasiese koningriethaan *P. (p.) melanotus* (swart vlerke, donker gesig)

Dit kan daarom nuttig wees om die korter name te reserveer vir bg. bevolkings. Sinclair en Ryan erken reeds 'n Afrikaanse spesie, nl. *P. madagascariensis*.

Presedent: OPM Prozesky gebruik Koningriethaan; WL Sclater, 1906, meld reeds 'Koning-Riet-Haan' vir hierdie spesie.

N50. Waterhoender

Soos by die tarentale is onderskeid nie nodig as een spesie baie algemeen en die ander skaars is nie. Die term 'Groot'- is oorbodig en word weggelaat soos voorheen.

Presedent: E.L. Gill en Roberts 1 tot 5 gebruik Waterhoender.

n51. Namibkorhaan

Die 'Woestyn'korhaan kom nie in al die woestynggebiede voor nie maar is redelik spesifiek aan die Namib. Die Vaalkorhaan is eerder die spesie wat wydverspreid in meeste woestynggebiede is.

Verwysing: Die SABAP 1 atlas ontleed die Namibkorhaan se rapporteringfrekwensie volgens habitat as volg: 33.8% Namibiese eskarp, 23.6% Namibwoestyn, 0.2% Namakaroo en 0.1% Mopanieveld. Die naam Namib- is dan gepas.

n52. Langtoon

Die eenvoudigste name word behou vir die spesies wat die algemeenste waargeneem word in SA. Seker 99% van Langtoon waarnemings in SA kan aan hierdie spesie toegeskryf word. Ook is hierdie spesie nie van buitengewone grootte nie, maar van dieselfde grootte as die Madagaskarlangtoon en vyf verdere spesies.

Presedent: E.L. Gill, Roberts 1 tot 4 en ander uitgewers gee die naam aan as Langtoon. Sien ook Baumbach, 2006. Roberts 5 gee dit egter die beskrywer Groot-.

n53. Tobie

Internasionaal is meeste Tobies oorwegend swart. Sommige is volkome swart soos hierdie spesie, ander bruinswart en ander bont. Aangesien dit die algemeenste Tobie in die SA streek is word die naam so eenvoudig moontlik gehou.

Presedente: OPM Prozesky, Roberts 4 en ander uitgewers, minstens tot 2004, gebruik Tobie, n.a.v. Sclater, 1906, se Toby, d.w.s. Tobie. Die naam ontvang in Roberts 5 'n oorbodige beskrywer.

Klein kiewiete

Daar is twee moontlike opsies vir die benaming van kiewiete,

- naamlik om met uitsondering van genus *Vanellus*, alle kiewiete Strandkiewiete te noem,
- of om die verskeidenheid spesies, veral internasionaal, deur onderskeidende name aan te dui.

Volgens die tweede opsie word die naam Strandkiewiet slegs aan 'n afdeling van die genus *Charadrius* toegeken, 'n naam vir die eerste keer in Roberts 5 ingevoer is.

Sekere van die groter spesies wat deels aan ander genera behoort, word soms nie langs oewers gevind nie, of is heelwat groter as die kleiner spesies. Vir die groter of kenmerkende spesies word eenvoudiger name voorgestel.

n54. Ringnekkiewiete

Daar is drie soorte Ringnekkiewiete en verdere kenmerkende rasse. Die naam Ringnek- benoem hulle reeds voldoende. Die voorgestelde name is:

- | | | |
|-------------------------------|----------------------------------|-----------------|
| 1. Ringnekkiewiet | <i>Charadrius hiaticula</i> | (Ringed) |
| 2. Yslandse ringnekkiewiet | <i>Charadrius h. psammodytes</i> | |
| 3. Toendringnekkiewiet | <i>Charadrius h. tundrae</i> | |
| 4. Europese ringnekkiewiet | <i>Charadrius h. hiaticula</i> | |
| 5. Kleinringnekkiewiet | <i>Charadrius dubius</i> | (Little Ringed) |
| 6. Amerikaanse ringnekkiewiet | <i>Charadrius semipalmatus</i> | (Semipalmated) |

Presedent:

1. OPM Prozesky gebruik Ringnekkiewiet.
2. Strandkiewiet is eers in Roberts 5 ingevoer vir hierdie groep.

Reël 7: Vereenvoudiging van name.

n55. Strandkiewiete

Die name Vaalstrandkiewiet, Driebandstrandkiewiet, Rooibandstrandkiewiet, Geelborsstrandkiewiet en Kentse strandkiewiet bly soos in Roberts 5. In die Afrikaanse vasteland word die Madagaskarstrandkiewiet, *C. thoracicus*, en Tropiese strandkiewiet, *C. forbesi*, ook by die groep gevoeg. As groep is hulle dikwels standvoëls in teenstelling met verwante groepe.

n56. Sandkiewiete

Potensieel kan hierdie spesies Strandkiewiete genoem word, maar nogtans vorm hulle 'n kenmerkende groep, met onder meer opvallende broeiverdrag en die gewoonte om sandspitte as habitat te verkies. Hier is wel 'n geval waar soortgelyke spesies sy aan sy gevind word, en dit maak sin om die name teenoor mekaar af te speel. Gevolglik word hulle genoem Groot- en Klein- eerder as Groot- en Mongoolse. Die naam Mongoolse word gereserveer vir 'n moontlike afspleting van die twee groter oostelike rasse *C. m. mongolus* en *C. m. stegmanni*. 'n Soortgelyke Amerikaanse spesie, alhoewel nie noodwendig direk verwant nie, word by die benaming ingesluit.

- | | |
|----------------------------|--|
| 1. Kleinsandkiewiet | <i>Charadrius mongolus</i> |
| 2. Mongoolse sandkiewiet | <i>C. m. mongolus</i> & <i>C. m. stegmanni</i> |
| 3. Grootsandkiewiet | <i>Charadrius leschenaultii</i> |
| 4. Wilsonse sandkiewiet | <i>Charadrius wilsonia</i> |

Presedente:

1. OPM Prozesky gebruik Grootsandkiewiet en Mongoolse sandkiewiet.
2. *Eng*: Sand Plovers, Lesser & Greater.
3. Strandkiewiet is eers in Roberts 5 ingevoer vir hierdie groep.

n57. Kaspiese kiewiet

Die spesie word nie langs strande gevind nie, sodat die woord strand uitgelaat word. Die spesie benut wel die Kaspiese see gebied as broeilokaal. Die Steppekiewiet, *C. veredus*, Bergkiewiet, *C. montanus* en Keilstertkiewiet, *C. vociferus*, is in sekere opsigte vergelykbaar met hierdie spesie en word ook nie strandkiewiete genoem nie. Die b.n.w. 'Asiatiese' word as te algemeen beskou, aangesien daar ook 'n 'Oriental Plover', *C. veredus*, bestaan, terwyl Steppekiewiet weereens na lg. spesie verwys.

Presedent: OPM Prozesky gebruik Asiatiese kiewiet, i.p.v. Asiatiese strandkiewiet.

n58. Goudkiewiete

Goud- en Gryskiewiete behoort nie aan die genus *Charadrius* nie, maar *Pluvialis*. Ook is hulle net in die oorwinteringsgebiede tot strande beperk. Wat grootte betref is hulle nie juis met die Strandkiewiete vergelykbaar nie.

Presedent: OPM Prozesky gebruik Goudkiewiet.

n59. Gryskiewiet

Soos die Goudkiewiete nie 'n tipiese strandkiewiet nie.

Presedent: OPM Prozesky gebruik Gryskiewiet. Sien ook EJM Baumbach, 2006.

n60. Swartvlerkkiewiet

Die mees algemene spesie in die SA streek word die vereenvoudigde naam toegeken.

Presedente: E.L. Gill, Roberts 1 tot 4, asook OPM Prozesky gebruik Swartvlerk-

n61. Langtoonkiewiet

Voorheen bekend as 'n Witvlerkkiewiet(jie), direk vertaal van Roberts 3 se White-winged Plover, wat redelik verwarrend is aangesien die Witkopkiewiet ook wit vlerke het, ook meer so op die bo- en ondervlerk as bv. die noordelike ras van die Witvlerkkiewiet. Langtoon- beskryf die unieke kenmerk.

Presedent: Geen in Afrikaans, maar benewens Engels ook so in Europese tale: *Ned:* Langteenkiewit en *Dts:* Langzehen-Kiebitz.

n62. Oewerruiter

EL Gill se gids dui aan dat daar in 1936 geen Afrikaanse naam vir hierdie spesie bestaan het nie. Gevolglik het Roberts 3 tot 5 die naam direk uit Engels vertaal as 'Gewone' en gevoeg by die groepnaam -ruiter (genus *Tringa*) wat na 1936 uit Nederlands geleen is. Die Oewerruiters bevat twee unieke spesies wat in die genus *Actitis* saamgevat word, naamlik die Amerikaanse en ouwêreldse spesie. Die voorvoegsel Oewer word geleen uit Nederlands en Duits, en word benodig om 'n klein maar kenmerkende groepie aan te dui.

- | | | |
|-------------------------|---------------------------|-----------|
| 1. Oewerruiter | <i>Actitis hypoleucos</i> | (Common) |
| 2. Gevlekte oewerruiter | <i>Actitis macularius</i> | (Spotted) |

Presedente:

1. Baumbach teken beide Oewerloper en Oewerlopertjie aan as in volksgebruik.
2. Ook OPM Prozesky noem dit 'n Oewerstrandloper. Die naam 'strandloper' is intussen aangepas na 'strandkiewiete', wat slegs verwys na genus *Charadrius*. Genus *Actitis* is egter verwant aan genus *Tringa*, die Ruiters.
3. *Ned:* Oeverloper, *Dts:* Uferläufer

n63. Donkerruiter

Witgatruiter is geleen uit Nederlands, by gebrek aan 'n Afrikaanse naam. Kritiek is uitgespreek dat dit op enige Ruiter van toepassing kan wees. Die kenmerk van die spesie is 'n donkerder kleur, insluitend die ondervlerk wat swart is.

Presedent: Geen in Afrikaans. OPM Prozesky het wel die onbeskrywende Groenruiter probeer. Benewens voorgenoemde bevat Roberts 5 die eerste Afrikaanse naam, nl. Witgatruiter, afgelei van die Nederlandse Witgatje in Roberts 3 en 4.

n64. Geelpootruiter

Die naam van die mees algemene spesie (internasionaal gesien) word eenvoudig gehou, eerder as om 'n oorbodige teenstelling met die Kleingeelpootruiter te tref.

Presedent: Roberts 5 bevat nog geen naam vir die spesie nie.

n65. Asiatiese snipruiter

Baie onlangs 'n 'Snipgriet' genoem. Die spesie toon nie 'n werklike ooreenkoms met 'n Griet nie, maar wel met 'n Snip. Die naam 'Snipgriet' sou werk soos Kameelperd, waar die dier nie een van die twee is nie. Benaming werk meer tipies deur 'n beskrywer en groepnaam saam te voeg. So lyk die voël na 'n Snip, maar behoort aan die waadvoëls wat generies Ruiters genoem word.

Presedent: 'Snipgriet' is 'n onlangse fout, sonder presedent.

Reël 7: Behou eenvormigheid en tref onderskeid waar nodig.

n66. Hudsonbaagriet

Die naam is reeds in gebruik en was voorheen Amerikaanse griet.

Elsies en Stelte

Die benaming gaan hier om vereenvoudiging en om die internasionale situasie. Wêreldwyd is daar vier soorte Elsies (genus *Recurvirostra*) en drie soorte Stelte (genus *Himantopus*). Indien enige van hierdie soorte genoem sou word ‘Andeselsie’ of ‘Witrugelsie’, sonder om onderskeid te tref tussen die twee genera, sal die aanhoorder geen konsep hê watter groep na verwys word nie. Beide groepe is redelik eenvormig en dit is sinvol om elkeen onder ‘n aparte groepnaam te plaas.

n67. Elsie

Al vier Elsiesoorte het grys bene en ‘n snawel wat gevorm is soos ‘n gebuigde naald of els (*Eng*: awl). Die naam Elsie is dan strenggesproke net op die genus *Recurvirostra* toepasbaar, soos die Latynse naam ook aandui. Die vier Elsiesoorte is die Elsie, Australiese elsie, Amerikaanse elsie en Andeselsie. Eersgenoemde drie spesies het byna identiese ‘bont’ veredrag, waarvan twee ‘n bruinerige kop en nek het. Die laaste soort is meer eenvormig soos ‘n Stelt gekleurd. Die woord bont in Afrikaans beteken tipies veelkleurig, en minder dikwels wit en swart.

Presedent: Roberts volg WL Sclater, 1906, se ‘Bonte Elsjie’, ‘n blykbaar plaaslike skepping wat verskil van Nederlands. (*Ned*: Kluut of Kluit). EL Gill, 1936, meld in die eerste Afrikaanse spelling slegs Elsie, benewens Kluit (*Ned*). EJM Baumbach, 2006, bevestig Elsie as ‘n volksnaam.

n68. Stelt

Aldrie Steltsoorte het kenmerkende rooi bene en min of meer reguit snawels. Die drie spesies is die Stelt, Swartstelt en Witrugstelt. Die Stelt, weens sy wye verspreiding en vele variante, kan potensieël nuwe spesies oplewer, of in ieder geval meer spesifieke Afrikaanse name ontvang. Daarom word die eenvoudige, kort naam voorgestel.

Die woord Stelt, soos ook Elsie (‘n krom naald), verwys weliswaar nie outomaties na ‘n voëlsoort nie. Daar is egter voorkeur gegee aan ‘Stelt’, eerder as die woordeboek alternatief ‘Steltloper’, aangesien lg. tans in Afrikaans en Nederlands beskou word as ‘n versamelnaam vir ‘n verskeidenheid strand- en watervoëls. Die HAT en ander woordeboeke meld bv. dat ‘Steltloper’ vertaal kan word as *Eng*: Longshank, wat ook reiersoorte insluit.

Presedente: Die Engelse en Franse voorbeeld word gevolg, wat die spesie bloot ‘Stilt’ noem eerder as ‘Stilt walker’, oftewel Échasse (stelt) eerder as Échassier (steltloper). Die Pharos-woordeboek meld wel Steltloper, moontlik afkomstig uit Duits of Sweeds eerder as Nederlands. Die Duitse naam vertaal egter na die meervoud ‘Stelteloper’. Kritzinger se woordeboek meld ook Steltkluit newens Rooipootelsie. Gill en Roberts volg Sclater, 1906, se ‘Roodepoot elsjie’, uit assosiasie met die Elsie.

n69. Dikkop

Reël 7: Die eenvoudige naam word behou vir die algemene en wydverspreide spesie.

Presedent: Sclater, 1906, EL Gill, 1936, en Roberts 1 tot 5 gebruik Dikkop, nie Gewone Dikkop nie. Vgl. *The Complete Book*, 1990 asook EJM Baumbach, 2006.

N70. Kokerbek

Hierdie spesie het slegs onlangs, vanaf 1990, ‘n Afrikaanse naam verkry. Daar word gehou by die eerste naam, voorgestel deur Banie Penzhorn, wat taalkundig na die meer korrekte opsie lyk. Die alternatiewe Skedebek en Peddie word uitgelaat.

Betekenis van koker en skede: Daar is gewend tot 'n Nederlandse woordeboek, Van Dale se handwoordeboek, 1982, wat die betekenis baie duidelik uiteensit: 'n Koker is:

1. ... 'n vaste, beskuttende omhulsel: jong bome staan dikwels in kokers, vuurvaste erdomhulsel waarin erdewerk gebak word, 2. 'n voorwerp waarin iets gestek word of waarin iets van nature vassit, 'n skede, 'n huls: die sweep staan in 'n koker; - (skeepsterm:) buis waarin die mas staan op klein vaartuie, 3. silinder-vormige of vierkantige buis waardeurheen iets stroom of beweeg word: in die muur is 'n koker vir lugtoevoer, ...

'n Koker is m.a.w. 'n rigiede, hol huls van enige vorm, gevul of leeg, soos ook die huls van hierdie voël se snawel. 'n Skede is daarenteen plat en eerder gevorm soos 'n beursie:

2. 'n plat koker waarin mens snydende voorwerpe steek: die swaard in die skede steek, ook fig. vir: die oorlog staak; omhulsel, ongeveer in die vorm van die voorgenoemde, bv. van sommige dele van diere of plante: die snoet van vele insekte sit in 'n skede; (plantkundig:) blaarskede; (ontleedkundig:) vagina

Presedent: Roberts 5 bevat nog geen naam vir die spesie nie. The Complete Book, 1990, meld die naam Grootkokerbek, en dit word ook so genoem in Sasol, 1996.

Reël 7: Die naam word vereenvoudig aangesien daar net een spesie in SA waargeneem word.

n71. Roofmeeue

Daar word onderskeid getref tussen Roofmeeue (genus *Stercorarius*, 3 spesies) en Skoeas (genus *Catharacta*, 3 spesies). Dit beteken dat die naam Roofmeeu behou word maar slegs op die eerste genus toegepas word, of as groepnaam vir die *Stercorariini* gebruik word. Die Roofmeeu is die spesie wat maklik van Kaapstad se strand gesien word, die verwarrende 'Arktiese', as sou dit spesifiek aan die noordelike halfrond wees, word uitgelaat.

Presedent: Die onderskeid word getref net soos in Duits en Engels. Die genus heet *Dts*: Raubmöwen, *Eng*: Jaegers, d.w.s. 'jag'meeue.

Reël 7: Naamvereenvoudiging by die spesie wat algemeen waargeneem word. Vgl. EJM Baumbach, 2006, wat Roofmeeu ook alleenstaande meld. EL Gill, 1936, gee die spesie aan as 'Bruin' Roofmeeu, waar bruin oorbodig is.

n72. Skoea (of Skua)

Die naam Skoea word gebruik vir drie spesies in die genus *Catharacta*, wat heelwat groter is, en minder parasitiese gewoontes het as die meer vlugge spesies.

Presedente:

1. Die onderskeid word getref net soos in Duits en Engels. Die genus heet *Dts*: Skua, *Eng*: Skua.
2. Woordeboeke: Pharos 1 meld Roofmeeu, Skua en Skoea; die Grootwoordeboek gee Skua en die HAT meld: Skua (Oudnoors), asook Skoea. As dit 'n oudnoorse woord is, kan dit op Afrikaanse taalkundige advies ook 'Skoea' gespel word.
3. Die naam Skoea word reeds in Afrikaans gebruik omdat daar 'n behoefte daarvoor bestaan. Sien bv. 'YS-lik wonderlik Antarktika', 'n opvoedkundige blad vir skoliere by: <http://www.mieliestronk.com/antark1.html>

Nota: Sekere raadgewers verkies 'Skua' bo Skoea, maar daar word vermoed dat 'Skua', wat meer herinner aan 'n vreemde leenwoord, nie so gou beskou sal word as

‘n plaaslike Afrikaanse woord nie. Aangesien die woordeboeke beide aanvaar bly dit nietemin die gebruiker se keuse.

n73. Kelpmeeu

Die naam is reeds in gebruik. Die naam Kelpmeeu stem ooreen met Kelp Gull en Swartrugmeeu stem ooreen met Cape Gull. ‘n Suid-Afrikaanse gebruiker kan enige van die twee name gebruik aangesien dit binne die streek na dieselfde bevolking verwys.

Reël 2: Die reël van unieke name is hier van toepassing, en bepaal dat die naam Kelpmeeu kan wegval vir die Suid-Afrikaanse bevolking indien dit as ‘n aparte spesie beskou word, in welke geval slegs Swartrugmeeu sal oorbly.

n74. Sterretjies

Die naam Sterretjies word beperk tot die genera *Sterna*, *Chlidonias* en *Gygis*. Die naam Noddie word vir die genus *Anous* gebruik. Om verwarring te voorkom sluit die name nouer aan by die Engelse name. Soos by ander seevoëls het hierdie name dusvêr min oorweging geskenk aan die situasie buite die SA streek.

n75. Lagsterretjie

‘Oostelike sterretjie’ is ‘n redelike onlangse naam, en die oorsprong onbekend. Dit is nie spesifiek oostelik in verspreiding nie en selfs ‘Westelike’ sterretjie kan meer gepas wees. ‘n Voorstel vir Dikbeksterretjie is o.a. ontvang, maar dit staan bekend as Lagsterretjie in Europa, weens die roep.

Presedent: *Ned:* Lachstern en *Dts:* Lachseeschwalbe. ‘Oostelike’ is slegs vanaf Roberts 5 in gebruik.

n76. Elegante sterretjie

‘n Nuwe naam vir ‘n spesie wat onlangs tot die SA lys toegevoeg is. Die naam Siersterretjie is ook as ‘n moontlikheid genoem.

Presedent: *Ltn:* *S. elegans*, *Eng:* Elegant Tern

n77. Kuifsterretjies

Daar is verskillende Sterretjiespesies met geel snawels, insluitend die Kuifsterretjie, Sjinese kuifsterretjie, Kleinsterretjie, Bandvlerksterretjie, Kleinste sterretjie, Fee-sterretjie (*Sterna nereis*), Amasonesterretjie (*Sterna superciliaris*) en Cayennesterretjie, benewens verskeie wat geel-oranje snawels het. Daarom mag dit beter wees om die naam ‘Geelbek’sterretjie glad nie te gebruik nie, ook omdat die Amazonesterretjie soms as ‘Yellow-billed Tern’ bekend staan. Die algemene groepnaam vir sterretjies wat aan *Sterna bergii* verwant is, is Kuifsterretjies. Die voorstel is dat dit slegs toegepas word op twee spesies met geel snawels. Die vorige Kuif‘kop’sterretjie, kan veral nie in die internasionale opsig alleen meeding vir die bekende naam nie, en word Bengaalse sterretjie genoem.

- | | | |
|--------------------------------|---------------------------|--------------------------|
| 1. Kuifsterretjie | <i>Sterna bergii</i> | (Swift, Greater Crested) |
| 2. Sjinese kuifsterretjie | <i>Sterna bernsteini</i> | (Chinese Crested) |
| 3. Bengaalse sterretjie | <i>Sterna bengalensis</i> | (Lesser Crested) |

Presedente:

1. *Ned:* Grote Kuifstern, *Eng:* (Great)(er) Crested Tern, *Fr:* Sterne huppe
2. *Ltn:* *S. bengalensis*, *Ned:* Bengaalse stern.
3. Roberts 3 gee die twee Kuifsterretjies aan as ‘Vlugge Seeswael’ en ‘Kuifkop-seeswael’, en vanaf Roberts 4 as ‘Geelbekseeswael’ en ‘Kuifkopseeswael’.

n78. Roosborssterretjie

Die naam is reeds in gebruik. Die woord 'roos' word verkies vir die kleur eerder as 'pienk' aangesien lg. oorspronklik 'klein' beteken, en slegs na 'n Engelse ompad (en misverstand) as 'n kleur beskou word.

n79. Swartneksterretjie

'Swartkroon'- is nie 'n akkurate beskrywing vir die spesie nie. Dit is beter om dit 'Swartnek'- te noem aangesien die kroon reeds by onvolwassenes witterig is, en volkome wit word by volwassenes.

Presedente: *Ned:* Zwartnekstern, *Dts:* Schwarznacken-Seeschwalbe. Die naam 'Swartkroon'- bestaan slegs vanaf Roberts 5.

N80. Toomsterretjie

Daar kan verwag word dat 'n 'Bril'sterretjie (wel *Ned:* Brilstern) ten minste 'n ring om die oog sal toon, wat nie hier die geval is nie. Die gesigmerke kan miskien as 'n 'toom' beskryf word, waarvan 'n swart streep tot by die mondhoek strek.

Presedent: 'Toom'- is vergelykbaar met *Dts:* Zügel-Seeschwalbe, d.w.s. 'Teuelsterretjie'. Die naam 'Bril'-, vertaal uit Nederlands, bestaan slegs vanaf Roberts 5.

n81. Noddies

Die naam Noddie se oorsprong is waarskynlik nie uit die Dietse tale nie, maar word nogtans in meeste Europese tale gebruik. Die naam Noddie sal moontlik bydra daartoe dat beginners nie hierdie spesies verwar met die Roet- en Toomsterretjies nie. W.L. Sclater meld die betekenis as: '*so called by sailors from its tameness, and therefore supposed stupidity, ...*'

Presedente: *Ned:* Noddy, *Dts:* Noddi, *Nrs:* Noddy, *Sw:* Noddy, *Fr:* Noddi, *Eng:* Noddy. 'Bruin sterretjie' bestaan vanaf Roberts 4.

n82. Kransduif en Bosduif

E.L. Gill het die spesies korrek benoem in 1936:

- | | | |
|--------------|--------------------------|-----------|
| 1. Kransduif | <i>Columba guinea</i> | (Rock) |
| 2. Bosduif | <i>Columba arquatrix</i> | (Rameron) |

Die naam 'Geelbek'bosduif verskyn nie onder drie opsies wat E.L. Gill aangee nie, nl.: Bosduif, Geelpootduif en Olyfduif. Daarna het die Robertsgids, soos in die volksmond, en miskien n.a.v. Sclater, die Kransduif in verskillende uitgawes verwar met die Bosduif totdat dit einde laaste deels herstel is. 'Geelbek'- is slegs 'n poging om die verwarring te sistap, en die eenvoudige vorm van die naam word herstel.

Presedente:

1. **Kransduif:** E.L. Gill, OPM Prozesky, Roberts 5 en 6, Sasol.
2. **Bosduif:** E.L. Gill, 1936. EJM Baumbach, 2006, meld Bosduif as volksnaam. W.L. Sclater, 1906, bevestig 'Bosch-duif' vir hierdie spesie, alhoewel ook vir die vorige spesie, en gee Olyfduif (Oliven duif) as eerste opsie.
3. Roberts 1 tot 5 het ongelukkig die naam Bosduif aan die Kransduif toegeken, en in Roberts 5 Gill en Prozesky se Kransduif as alternatief ingevoer.
4. Let daarop dat heelwat duifname verander van Roberts 3 tot 5.

n83. Kleinringduif

Duidelik is die naam 'Rooioogtortelduif' vir *Streptopelia decipiens* net 'n verdere instansie van verwarring. Daar is twee opsies om dit reg te stel, naamlik:

- Rooioogtortelduif *teenoor* Geeloogetortelduif, of
- Grootringduif *teenoor* Kleinringduif.

Die tweede opsie word verkies omdat dit nie 'n naam identies van een na 'n ander spesie oordra nie.

Presedent: Behalwe 'Klein' rooioogtortelduif is daar geen presedent in Afrikaans nie. Voorafgaande naam is afgelei uit E.L. Gill se gids waar die spesie slegs op beskrywende wyse 'n 'lesser' Red-eyed Dove genoem word. Die voorstel volg weereens Gill se beskrywing.

n84. Europese tortel

Die Europese tortel is ook 'n lid van die genus *Streptopelia*, maar val in 'n onderskeibare groep, waarvan daar drie Afrikaanse spesies is. Die groep word die Tortels genoem, omdat hulle die 'egte' Tortels is wat oorspronklik so benoem is. Hulle is maklik herkenbaar aan die skubmerke op hulle vlerkvere. In Asië is daar een verdere soort. Soortgelyk is ons drie Kraanvoëls spesies afgeleides van die ware Krane (genus *Grus*). Die Tortelsoorte is:

- | | | |
|---------------------------|--------------------------------|------------|
| 1. Europese tortel | <i>Streptopelia turtur</i> | (European) |
| 2. Donkertortel | <i>Streptopelia lugens</i> | (Dusky) |
| 3. Adamawatortel | <i>Streptopelia hypopyrrha</i> | (Adamawa) |
| 4. Indiese tortel | <i>Streptopelia orientalis</i> | (Rufous) |

Presedent: Enige naam vir die spesie is 'n onlangse toevoeging en die spesie word eers in Roberts 6 ingesluit. Nederlands volg 'n soortgelyke konvensie, maar met omgekeerde toepassing.

n85. Lemoenduif

Die naam Rooiborsduifie vind net deels inslag. Die naam wat meer algemeen gebruik word is Lemoenduif.

Presedent: OPM Prozesky gebruik Lemoenduif as enigste opsie. EJM Baumbach, 2006, bevestig Lemoenduif as volksnaam. WL Sclater, 1906, teken 'Lamoen Duif' aan vir die Kaneelduif, maar dit is blykbaar 'n fout, aangesien hy die Lemoenduif onbenaamd laat.

n86. Duifie

Die verkleiningvorm –ie, word vir die vlekduifies gereserveer, wat glansende merkies op die vlerk het, insluitend die Namakwaduifie. Aangesien die benaming effens met die klassifikasie saamgaan, word die Lemoenduif nie by die groep ingesluit nie.

n87. Woudpapegai

Die naam is reeds in gebruik vir die endemiese SA spesie.

n88. Njassaparkiet

'n Alternatiewe vorm van Niassa, en waarskynlik 'n meer tipiese Afrikaanse spelling, vgl. Njala i.p.v. 'Niala'.

n89. Nuwejaarsvoëls

'n **Gevlekte nuwejaarsvoël** is soos ander *Clamator* spesies maklik onderskeibaar aan die kuif en gevlekte vere. Die *Clamator* genus sluit ook in die Rooivlerknuwejaarsvoël, *Clamator coromandus*, wat in Asië voorkom. Nie een van hierdie spesies het bv. die gebande pensvere van 'n *Cuculus* Koekoek of die metaalgroen kleur van die *Chrysococcyx* groep nie.

Presedent: Geen. Die huidige naam het egter sy oorspang by 'n direkte vertaling uit Engels, naamlik van G.S.C. na 'Groot gevlekte koekoek', sien E.L. Gill tot Roberts 4.

n90. Uiltjies

Die verkleiningsvorm word behou vir die Koluiltjies, d.w.s. Witkoluiltjie en Gebande uiltjie.

Presedent: E.L. Gill, Roberts 1 tot 3, O.P.M. Prozesky. Daar is blykbaar geen presedent om Skopsuil in die verkleiningsvorm te benoem nie.

n91. Witrugmuisvoël

Meer akkuraat as die foutiewe 'Witkruis'-. Internasionale lyste handhaaf groter akkuraatheid, wat weereens geloofwaardigheid van die name bevorder. Hierdie spesie het 'n enkele wit streep oor die rugvere, tussen twee breë swart strepe wat eindig in pruimkleurige vlekke. Die kruis is pruimrooi en grys.

Presedent: OPM Prozesky gebruik Witrugmuisvoël.

n92. Roosborsbyvreter

Die naam 'Pienkbors'- is onlangs gebruik vir hierdie spesie, bloot omdat Roosbors- op die oor af ná aan 'Rooibors'- is, sien onder. Die woord pienk is nie onaanvaarbaar nie, maar het 'n effens gemengde verlede, en was nie oorspronklik 'n kleur nie. Die korrekte Afrikaanse woord vir die kleur is 'Roos'- en die spesie word so benaam.

Presedent: Onlangs 'Pienkbors'-.

n93. Karmynbyvreter

Die Afrikaanse naam Rooiborsbyvreter kan net so wel Rooibyreter wees, aangesien die spesie veral aan die rugkant rooi is. Soos met ander kleurbeskrywings skiet die Afrikaanse name dikwels te kort in akkuraatheid. In hierdie geval is die Afrikaanse woord Karmyn 'n goeie alternatief wat verwys na die kleurstof van die wit skaalinsek wat dikwels op turksvye leef. So is 'n voorstel dan ontvang dat die spesie eerder Karmynbyvreter benoem word, en dit blyk baie gepas te wees. Dit vergemaklik ook die benaming van die vorige spesie.

Verwysings: Sien die wikipedia bladsye wat die kleur beskryf. Weergawes van die kleur word regs weergegee:

<http://nl.wikipedia.org/wiki/Karmijn> en <http://en.wikipedia.org/wiki/Carmine>

Presedente: *Ned:* Karmijnrode Bijeneter, *Dts:* Südliche Karminspint, *Eng:* Carmine.

n94. Troupant

Een klaer oor 'gewone' het bv. opgemerk: 'Wat is gewoon aan 'n gewone trouphant?' Volgens die nuwe norm voldoen hierdie spesie nie as 'Gewone' nie.

Reël 8: Gewone word toegepas volgens strenger norme.

n95. Kakelaar

Die 9 Kakelaarspesies het óf rooi óf swart snawels, en dit geld vir beide genera *Phoeniculus* (6 spesies) en *Rhinopomastus* (3 spesies). Na bespreking is besluit om die bestaande kakelaarspesies te behou. Dit skep wel 'n teenstrydigheid waar die 'Black-billed Wood-hoopoe' nie met die Swartbekkakelaar nie sal ooreenstem nie. Daar word ook nie 'n afsonderlike groepnaam aan genus *Rhinopomastus* toegeken nie. 'Sekelbek' of 'Sekelaar' is bv. verwarrende opsies vir spesies wat byna Kakelaars is. Die groep se name is as volg:

Genus *Phoeniculus*:

1. **Rooibekkakelaar** *Phoeniculus purpureus* (Green)
2. **Perskakelaar** *Phoeniculus damarensis* (Violet)
3. Rooipootkakelaar *Phoeniculus somaliensis* (Black-billed)
4. Palmkakelaar *Phoeniculus granti*
5. Woudkakelaar *Phoeniculus castaneiceps*
6. Witkopkakelaar *Phoeniculus bollei*

Genus *Rhinopomastus*:

1. **Swartbekkakelaar** *Rhinopomastus cyanomelas* (Common)
2. Kortbekkakelaar *Rhinopomastus aterrimus* (Black)
3. Krombekkakelaar *Rhinopomastus minor* (Abyssinian)

Die naam Sekelbek word gereserveer vir 'n groep Paradysvoëls, genus *Epimachus*.

n96. Neushorings

Die name van hierdie groep, wat besonder lank kan word, word vereenvoudig. Neushoring is 'n wisselvorm van Neushoringvoël. So word daar volgens hierdie reëls gepraat van 'n Geelbekneushoring, i.p.v. potensieël 'n Suidelike geelbekneushoringvoël.

Presedent: EJM Baumbach meld Neushoring as 'n volksnaam, onder meer spesifiek Geelbekneushoring en Rooibekneushoring.

Reël 7: Vereenvoudiging en verkorting van name.

n97. Pitta

Die enigste Pittaspesie wat in die streek voorkom se naam word vereenvoudig, ook aangesien dit feitlik afwesig in Angola is. 'Angola' is ook uit Engels verwyder.

Reël 7: Vereenvoudiging.

n98. Klappertjies

Klappertjie, Kaapse klappertjie en Flappertjie

Verspreiding: Hoëveld- en Laëveld- is nie akkurate beskrywings van hierdie twee spesies se verspreidings nie:

1. Die sg. 'Hoëveld'klappertjie is verspreid in verskeie streke buite die hoëveld wat geensins met lg. habitat ooreenkom nie. Dit sluit in Etosha, Windhoek, Grasveld-karoo, feitlik die hele Kalahari van suid tot noord, die Kaprivi en oos-Kaapse suurveld tot seevlak.
2. Die sg. 'Laeveld'klappertjie is wel aanwesig in die laeveld, maar netso in die bosveld insluitend die Magaliesberg, Pilanesberg en Waterberg, asook in die boomveld van Zimbabwe in 'n hoëveldse klimaat, benewens die Zimbabwehooglande en Matoboheuwels, asook die noord-Kalahari, Kaprivi en Kavangogebiede.

Verwysing: Sien SABAP 1 atlas vir verspreiding en rapporteringfrekwensies.

Die voorstel vir die 'Laeveld'klappertjie is Flappertjie wat soos die Engelse naam herinner aan die 'frrrp-frrrp'-geluid wat die vlerke in vertoonvlugte voortbring. Hierdie spesie is maklik onderskeibaar van die drie Klappertjies.

Keuse: 'Flappertjie' is 'n nuutskepping sonder 'n presedent in hierdie spesie. Soortgelyke name soos 'Flapper' en 'Flap-flap' bestaan wel as volksname vir Flapspesies. Name van die Kaapse klappertjie en Overbergklappertjie wat ook voorheen as 'Hoëveld'klappertjies bekend was, is reeds in gebruik.

Reël 7: Vereenvoudiging word bewerkstellig deur meer onderskeidende name.

n99. Langbekerik

Die aangeduie name is reeds in gebruik.

n100. Lewerik

Die sg. 'Kaffertjies' word soos onlangs onderskei deur hulle meestal na die rugkleure te vernoem.

Swartoorlewerik

Voorstelle is ontvang dat die spesie 'n Swartlewerik genoem word, maar daar bestaan wel 'n Swartlewerik, *Malanocorypha yeltoniensis*, wat verwant is aan die Swartborslewerik.

n101. Skuurswael

Dit is moeilik om hierdie spesie te benaam. 'Europese' swael is weens die byna wêreldwye verspreiding van die spesie nie 'n opsie nie. Die Nederlandse naam Boereswael kan bv. 'n verkeerde konnotasie in SA hê.

Europese alternatiewe is: *Ned:* Boerenzwaluw, *Ned volksname:* Brugzwaluw, Metseelaar, Muurzwaluw, Schoorsteenswaluw, *Dts:* Rauchschwalbe, *Fr:* Hirondelle rustique, en *Afr:* Boereswael (EL Gill, 1936), Trekswael (Baumbach, 2006). Aangesien alle Swaels trek is die lg. volksnaam net so onvanpas as bv. Europese swael.

Potensieële Afrikaanse alternatiewe sonder 'n presedent sou kon wees: Rietswael, Swerfswael, Swermswael, Boerswael of Plaasswael, maar geneen van lg. keuses is sonder ernstige dubbelsinnigheid nie.

Keuse: Die naam Skuurswael is die enigste wat ondubbelsinnig toegepas kan word.

Presedent: Daar blyk geen Afrikaanse presedent vir hierdie naam te wees nie, maar Skuurswael is vergelykbaar met die name Moskee- en Huisswael, spesies wat ook nie tipies by geboue gesien word nie.

n102. Sandoewerswael

Met sy wêreldwye verspreiding is 'Europese' weereens nie 'n opsie vir hierdie spesie nie. Die Latynse naam *Riparia riparia* verwys na 'n oewer (*ripa*), en *riparius* beteken

losweg ‘rivieroewernesmaker’ (EJM Baumbach, 2006) of ‘van die oewer’ (sien wikipedia). ‘Rivieroewerswael’ is ‘n moontlik verwarrende opsie.

Europese alternatiewe is *Ned*: Aardzwaluw, Dijkzwaluw, Modderswael, Strandswaluw, Waterzwaluw en Zandzwaluw, *Spns/Port*: Andorinha-das-barreiras en *Am-Eng*: Bank Swallow, waar lg. twee alternatiewe as ‘Bankswael’ vertaal kon word.

Presedent: Afgelei van *Ned*: Zandzwaluw, ooreenstemmend met *Eng*: Sand Martin. Die enigste volksmond alternatief is Oewerswael. E.L. Gill laat die spesie onbenaamd en ‘Europese’ word eers vanaf Roberts 4 gebruik.

Nota: Die moontlike suid-Asiatiese afsplyting *R. (r.) diluta* word Bleekoewerswael genoem.

n103. Saagvlerke

‘Tropiese’ saagvlerk word as verwarrend beskou omdat 5 uit die 6 spesies ‘n tropiese verspreiding het, en meeste meer so as hierdie spesie. Die naam Saagvlerk word gesien as ondubbelsinnig en die Engelse voorbeeld word gevolg, waar die naam reeds in Roberts 4 verander is van ‘Sawwing Swallow’ na ‘Sawwing’. Die alternatief lewer lang, onbeholpe name. Nederlands en Duits verkort die name deur slegs na ‘n ‘Kamswaels’ te verwys, lg. ook ‘n verkorting van ‘n vorige ‘Sägeflügelschwalbe’. Saagvlerke (genus *Psalidoprocne*) en Skeervlerke (genus *Stelgidopteryx*) sal onderskeidelik na die Afrikaanse en Amerikaanse genera verwys.

Reël 7: Vereenvoudiging en verkorting.

n104. Gryskatakoeroe

Daar bestaan verskillende katakoeroespesies wat werklik blou is, in Afrika en elders. Dit sluit in die Bloukatakoeroe, *Coracina azurea*, van tropiese Afrika, die Hemelbloukatakoeroe, *Coracina temminckii*, in Indonesië, en die effens-blou Nieu-caledoniese katakoeroe, *Coracina analis*. ‘Grys’- is ‘n gepaste naam vir die SA spesie wat terloops nie opvallend blou vertoon nie.

n105. Withalsraaf

Rawe is onder meer herkenbaar aan hul stewiger snawel, ‘n los kraag (d.w.s. ‘ruff’) om die nek en meer waaiervormige stert. Daar is verder ook aanduibare habitatverskille. Die Withals‘kraai’ is ‘n tipiese raaf en wat by lg. groep ingesluit word. Kritiek is al uitgespreek omtrent ‘Swart’kraai wat nie veel uitwys omtrent ‘n spesie uit ‘n groep wat oorwegend swart is nie. Met die verdeling tussen Kraaie en Rawe bly die Swartkraai ten minste oor as enigste swart Kraai (of Roek) in Afrika.

Presedent: EJM Baumbach meld Withalsraaf as Afrikaanse volksnaam.

Nota: Meer as een Afrikaanssprekende met ‘n kennis van Nederlands het aangedui dat hals slegs na die voorkant van die nek verwys, en Wit‘nek’raaf voorgestel. Van Dale se Nederlandse woordeboek beskryf hals egter as: ‘deel van die liggaam wat die kop met die romp verbind’ en meld ook ‘halswerwels’. Voorlopig word hals dan as enige deel van, of as die hele nek beskou.

n106. Piet-tjou-tjouees

Die oorspronklike naam van die spesie is slegs Piet-tjou-tjou, sien Roberts 1 tot 4. Die naam Piet-tjou-tjougrysmees van Roberts 5 word gesien as onnodig lank.

Reël 7: Vereenvoudiging en verkorting.

n107. Mese

Die name Rooipensmees vir die oostelike (*P. pallidiventris*), en Swartkopmees vir die westelike spesie of ras (*P. rufiventris*), is reeds in gebruik.

n108. Miombokruiper

Wêreldwyd is daar 'n groot getal Kruiperspesies, en 'Boom'kruiper is op enigeen behalwe die Aardkruipers toepaslik. Die spesie word na die boomveld vernoem waaraan dit binne die streek gebonde is, alhoewel hulle in Indië ook in Akasia gevind word. 'Gevlekte' kruiper is weereens by talle spesies toepaslik.

n109. Streepoorwillie

Die wang van hierdie spesie is nie gestreep nie. Anatomie van voëls is gedefiniër, en die 'wang' is voor oog, soos 'Donkerwang'bossanger korrek aandui, en die 'oor' is agter oog, soos hier by die 'Streepoor'willie. Die soortgelyke *Andropadus striifacies* word genoem Swartwangwillie.

n110. Bosveldnikator

'Geelvlek'nikator word tans in geen taal gebruik nie, omdat aldrie spesies geel gevlek is. Die voorstel is: Bosveldnikator, Reënwoodnikator en Geelkeelnikator. Bosveld- word in die breë sin toegeken as 'n teëstelling vir Reënwood-. Weens globale verwarming word die spesie ook al hoe verder suidwaarts aangeteken, soms ook in hoërliggende bosveld, meer in reënbos, of in kusbosse.

Presedent: Volg die sinvolle voorbeeld van ander tale.

n111. Rooistert

Die Rooisterte beslaan 'n groep, genus *Phoenicurus*, waarvan meer as een spesie in Europa voorkom.

Reël 7: Vereenvoudiging en verkorting toegepas vir die meer algemene Europese, en enigste SA spesie. *Eng:* 'Common' Redstart.

n112. Isabelskaapwagter

Die naam Vaalskaapwagter is reeds in onbruik. Isabel- is die naam wat deur Duits en Nederlands gebruik word.

Presedente: *Ned:* Isabeltapuit, *Dts:* Isabell-Steinschmätzer

n113. Bergbontrokkie

Die oorspronklike spesienaam is Bergskaapwagter, sien Roberts 3, waar dit egter onder die genus *Myrmecocichla* (Pieke) resorteer. Die spekulatiewe verwantskap het daartoe gelei dat die naam aangepas is na Bergklipwagter in Roberts 4.

Daar kan nie juis verwag word dat hierdie spesie ooit onomstrede by enige groep gevoeg sal word nie, maar onlangs is die verwantskap met die Bontrokkies beklemtoon deur dit in die genus *Saxicola* te plaas. Dit blyk na aan die beste opsie te wees aangesien die vogtige habitat, effens bosryke omgewings, rugpatroon en roep meer herinner aan 'n Bontrokkie as 'n Skaapwagter. 'Klipwagter' daarenteen word gereserveer vir 'n groep Skaapwagters van die Saharagebied.

Presedent: Die IOC-naamlys plaas die spesie saam met Bontrokkies in die genus *Saxicola*, soos Temminck dit tewens reeds plaas in 1829. Afrikaanse name tref fyner onderskeid tussen die Wagters as bv. Engels wat die groepe deurgaans Chats of Wheatears noem. Afrikaans maak onderskeid tussen Bontrokkies, Pieke, Spekvreters, Dassievoëls, Bergwagters, Skaapwagters en Klipwagters en hierdie fyner onderskeid

word uitgebrei na ander streke. Daarom lyk dit na 'n beter opsie om die Bergbontrokkie te plaas by die groep waar dit volgens nuwe inligting beste tuishoort.

n114. Vleibontrokkie

Die Europese ras van die Bontrokkie, *Saxicola torquata*, is onlangs afgesplyt as *Saxicola rubicola*, wat skaars anders as 'Europese bontrokkie' benoem kan word. Daar is gekyk na alternatiewe name vir *Saxicola rubetra*, die vorige 'Europese bontrokkie'. Dit blyk dat die habitat van lg. spesie slegs vogtiger is as dié van eersg., naamlik areas wat dikwels dig begroei is met kruide, en word verder ook by geleentheid in vleie aangetref. 'Vlei'bontrokkie lyk na die beste opsie.

Presedent: *Saxicola rubetra* word slegs vanaf Roberts 5 'n 'Europese bontrokkie' genoem, en dit terwyl die Bontrokkie, *Saxicola torquata*, nog as een spesie beskou is. 'Vlei'- is 'n noodsaaklike nuutskepping.

n115. Lawaaimakers

Roberts 3 en 4 meld drie spesies as Lawaaimakers, maar Roberts 5 doen weg met hierdie groepnaam, en wend dit slegs aan as spesienaam vir een spesie. Daar is egter wel onderskeid te tref tussen die Janfrederikke, en die voorstel is dat die naam Lawaaimaker behou word vir 'n beperkte groep.

Daar is naamlik vier spesies Janfrederikke in Afrika wat inderdaad groter, meer oranje en lawaaieriger as die res is, nl. die Lawaaimaker, Heuglinse lawaaimaker, Ruppellse lawaaimaker en die Epouletlawaaimaker.

Presedent: Roberts 3 en 4. Natalse janfrederik voldoen egter nie aan die nuwe definisie van 'n Lawaaimaker nie, en word behou soos in Roberts 5 en 6.

n116. Natal'se' janfrederik

Geografiese byvoeglike naamwoorde word nie maklik eenvormig toegepas nie. Tegnies korrek moet name soos Marion'se' walvisvoël, Kerguelen'se' stormvoël, en miskien Chatham'se' malmok voorrang geniet. Hier is egter 'n vereenvoudiging byna konsekwent deurgevoer, soos by Chathamalmok en Senegalvleiloerie, maar by uitsondering en slegs op gehoor af word sekere bynaamwoorde Natal'se'-, Kaap'se'-, Mense praat tewens van Egiptie'se' aasvoël eerder as 'Egipte'-.

n117. Palmlyster

Hierdie spesie kan 'n Palmlyster of Môrelyster genoem word. Roberts 1 tot 4 gebruik Môrelyster maar in Roberts 5 word die woord Palm aangelas by slegs een spesie. Indien die woord Palm gebruik word, is dit sinvol vir beide spesies. Die eenvoudige naam word gereserveer vir die enigste spesie in SA.

Presedent: OPM Prozesky gebruik Palmlyster vir die SA spesie.

n118. Akalat

Akalat word gebruik vir die 8 – 10 spesies in die genus *Sheppardia* om onderskeid te tref met Janfrederikke. Die enigste spesie in die sA streek is Gunningse akalat, vernoem na Dr Jan Gunning, direkteur van die Transvaal Museum, 1897 – 1913.

Presedente: *Ned, Eng & Fr:* Akalat vir genus *Sheppardia*. 4 van hierdie spesies word egter in Nederlands Janfrederikke genoem, om 'n onbekende rede.

n119. Irania

'n Spesie wat onlangs aangeteken is. Dit is ook in 'n koerantartikel beskryf as 'n tipe nagtegaal, wat wel 'n goeie alternatief is, maar die naam Irania is die naam wat algemeen deur Engelse en Afrikaanssprekende voëlkykers gebruik is.

Presedent: In gebruik onder voëlkykers.

n120. Masjionalyster

Oorspronklik 'n 'Swart Katlagter', sien Roberts 1 tot 4. In Roberts 5 en 6 word dit 'Swartberglyster'. Lg. naam omvat die naam '-berglyster', en gee die indruk dat dit 'n groepnaam kan wees, wat verwarring meebring met die onverwante Kaapse en Oranjeborsberglysters. Benewens voorgenoemde is daar ook 'n Berglyster, *Turdus abyssinicus*, in die Olyflyster-groepering wat boonop swarterig is. Om verwarring met voorgenoemde drie spesies uit te skakel word die naam aangepas om die streek te weerspreeël waarin dit algemeen voorkom.

n121. Spotsanger

Die naam Spotsanger is reeds in gebruik. Die benaming Spot'voël' word tewens reeds in publikasies gebruik vir die sg. 'Mockingbirds', familie *Mimidae*, van die Amerikas.

Presedent: OPM Prozesky gebruik Spotsanger.

n122. Riviersanger

Die naam 'Sprinkaan'sanger word in beide Nederlands en Engels geassosieer met die spesie *Locustella naevia*, wat nie in die streek voorkom nie. 'Rivier'sanger word in beide Nederlands en Engels geassosieer met die spesie *Locustella fluviatilis*. Die eerste Afrikaanse naam, sien Roberts 3, leen direk uit Nederlands, en word vertaal in Roberts 4, verkort in Roberts 5. Dit verwar die korrekte spesie Krekelzanger ('kriek-sanger') met die Sprinkhaanzanger. Sclater, 1906, se 'River Grasshopper Warbler' dra miskien daartoe by.

Presedente:

1. **Riviersanger:** OPM Prozesky gebruik korrekte Riviersanger i.p.v. Sprinkaan-sanger. Europese tale: *Ned:* Rivierzanger (of Krekel-), *Sw:* Flodsångare, *Fr:* Locustelle fluviatile, *Eng:* River Warbler.
2. Sprinkaan-sanger: *Ned:* Sprinkhaanzanger, *Sw:* Gräshoppångare, *Eng:* Grasshopper Warbler.

n123. Vleisanger

Die naam Vleisanger word gereserveer vir die lede van die genus *Acrocephalus* wat gestreepte krone toon. Dit is Eurasiese spesies waarvan slegs een spesie SA besoek as 'n nie-broeiende trekvoël. As enigste spesie in SA is die naam 'Europese' oorbodig, en voortaan foutief aangesien dit een van drie nuut-benaamde Europese spesies sal wees. Voorheen is die beskrywer 'Europese' benodig vir onderskeiding van die sg. Kaapse vleisanger, sien Kuilsanger.

Presedent: OPM Prozesky gebruik Vleisanger.

Reël 7: Vereenvoudiging en verkorting.

n124. Moerasrietsanger

Die spesie het 'n donker kleur, maar kan beswaarlik as 'Rooibruin'- beskryf word. Dit is 'n Rietsangerspesie wat in Papierusmoerasse voorkom.

Presedent: *Ned:* Papyrusrietzanger, *Dts:* Papyrus-Rohrsänger, *Eng:* Greater Swamp-Warbler. OPM Prozesky se 'Palmietsanger' is nie akkuraat nie.

n125. Kuilsanger

Soos bo aangetoon word onderskeid getref tussen *Acrocephalus*-rietsangers wat meer as een Vleisangerspesie insluit, en *Bradypterus*-ruigtesangers, wat volgens hierdie voorstelle 4 Kuilsangers insluit wat in vleie eerder as ruigtes voorkom. Dit is die Kuilsanger, Witvlerkkuilsanger, Bergkuilsanger en Gaboense kuilsanger.

Die ‘Kaapse vleisanger’ was voorheen die enigste *Bradypterus*-spesie wat nie ‘n Ruigtesanger genoem is nie, en wel met rede, aangesien die habitat volkome verskil van die res. Die naam Ruigtesanger is daarom nie hier passend nie.

Presedent: Geen, dit is ‘n nuutskepping om bg. 4 spesies te verenig onder ‘n passende groepnaam. Let ook daarop dat die Engelse naam reeds aangepas is van ‘Sedge Warbler’ na ‘Rush Warbler’.

n126. Stompstert

‘Bosveld’stompstert is nie geskik vir ‘n spesie wat tot aan die weskus voorkom nie. Spesifiek word die spesie benewens bosveld ook o.m. in die Kalahari, Namakaroo, Vetplantkaroo, Grasveldkaroo, Fynbos en Namib gevind, sien SABAP 1. As enigste Stompstert in SA word die eenvoudigste naam behou. Die naam Bosveldstompstert word gereserveer vir ‘n moontlik afsplyting.

Presedent: Roberts 4 gebruik Stompstert, n.a.v. Stark, 1901, se Stomp-stertje. Word tot 1991 of later in gedrukte vorm opgemerk. Slegs vanaf Roberts 5 word ‘Bosveld’-stompstert gebruik. OPM Prozesky gebruik ook nie ‘Bosveld’ nie, maar ‘Gewone’.

n127. Blêrsangers

Kwêkwêvoël herinner slegs aan die onverwante Kwêvoël, verwys nie na ‘n sanger nie, en weërspeël nie juis die SA of verwante spesieroepe nie. Dit hoort eerder tuis by volksname as boekname. ‘n Kritiek op die voorstel wys daarop dat die Engelse ‘bleat’ die geluid aandui van ‘n lammetjie, en nie ‘n harde of kras blêrgeluid nie. Dit is deels waar, maar daar word aanvaar dat die Afrikaanse woord beide geluide weergee. Groenrug- en Grysrugbossanger is aanvaarbaar maar nie so onderskeidend nie.

Presedente: OPM Prozesky se Blêrtinktinkie; *Ned:* Blaai-; *Mekker-*, *Dts:* Blök-, *Eng:* Bleating. Slegs Roberts 5 en 6, wat die twee vorme meld onder een spesie, kies Kwêkwêvoël vir beide rasse, terwyl Roberts 1 tot 4 voorg. toepas op die woudspesie.

n128. Moerastinktinkie

Die roep van die spesie is nie piepend nie, nóg fluitend soos *pipiens* mag aandui. ‘n Naam wat minstens die essensie van die spesie weergee word voorgestel.

Keuse: Die Afrikaanse naam ‘Piepende’ stam uit Roberts 3, waar dit slegs bekend was dat een museumspesimen uit die ‘*Mababevlakte in Ngamiland*’ kom. Die roepbeskrywing selfs daar, laat egter geen twyfel dat dit nie piepend klink nie.

n129. Langstertjies en Prinias

Die essensieële onderskeid is hier tussen die wêreld se uiteenlopende Langstertjies, insluitend verskeie Australiese spesies, teenoor die besonder eenvormige Prinias, genus *Prinia*, wat ook tot in Asië voorkom. Dit is eerstens nuttig om onderskeid te tref tussen bv. die Namakwalangstertjie wat geensins ‘n *Prinia* is nie, teenoor bv. die Karoo ‘langstertjie’ wat wel een is. Sonder hierdie onderskeide is daar wêreldwyd 42 langstertjiespesies wat elkeen om ‘n beskrywende voornaamwoord meeding.

Die voorbeeld van ander Europese tale word hier gevolg, sodat die groep van 42 spesies netjies verdeel word in 'n werkbare 22 Prinias teenoor 20 Langstertjies.

Groepnaam: Die groepnaam Langstertjies kan steeds gebruik word, maar verwys dan na 'n uiteenlopende groep spesies, insluitend Prinias.

Presedente: Prinia (of Prinie) word gebruik in Nederlands, Duits, Spaans, Frans, Engels en ander. Ook EJM Baumbach, 2006, meld Prinia as reeds in die volksmond, en daaronder spesifiek 'Bruinsyprinia', 'Swartborsprinia' en 'Karooprinia'.

n130. Witsybosbontrokkie

Anatomie van voëls is gedefiniëer, en dit is nie duidelik waarom sye as lieste beskryf word nie. Die Afrikaanse naam is duidelik van ander Europese tale afgelei, en verwys na die sye.

Presedente: E.L. Gill: Witsy-bontrokkie en Roberts 1 tot 4: Witsybosbontrokkie. Tot 1991 of later word dit in gedrukte vorm waargeneem. Vgl. ook *Ned*: Witflank-; *Dts*: Weißflanken-, *Eng*: White-flanked.

n131. Bleekbosbontrokkie

Hierdie bosbontrokkie is in 1903 by Quilimane in Mosambiek ontdek. By eerste insluiting as volle spesie is dit 'Mosambique'- in beide Afrikaans en Engels genoem is, sien Roberts 4. Dit het later duidelik geword dat dit tot in Kenja verspreid is, en in die Engelse geval is onlangs voorkeur gegee aan 'Pale Batis', wat die wyfies beskrywend onderskei van die Witsy-spesie. Die voorstel is dat Afrikaans die Engelse voorbeeld volg, ook aangesien die Woodwardse bosbontrokkie grootliks endemies aan Mosambiek is.

Presedent: Engelse naam

n132. Belogie

Daar is twee groepe hier ter sprake, nl. *Platysteira* (4 spesies) en *Dyaphorophia* (6 spesies). Tesame maak dit 10 spesies uit wat nie as Bosbontrokkies (20 spesies) beskryf kan word nie. Vir onderskeid kan die groepe onderskeidelik Belogies en Lelogies heet, en ter wille van kontinuïteit word die naam Belogies toegepas op die genus *Platysteira*.

Presedent: Daar is geen Afrikaanse presedent vir die verkorte naam nie. In Nederlands word egter soms verwys na 'n 'Roodbril lel-oog' eerder as 'n Bruinkeellelvliegvanger. OPM Prozesky benoem die spesie korrek as 'n Leloogvlieëvanger, aangesien 'n bel- en 'n lel- nie identiese strukture is nie.

n133. Witstertelminia

Witstert'vlieëvanger' kan op verskillende ander spesies van toepassing wees, onder meer *Cyornis concretus* in Asië. Dit is daarom nuttig om die kenmerkende genus *Elminia* (5 spesies) uniek te benoem. Die voorstel is Elminia.

Presedent: *Eng*: Elminia. Die Nederlandse opsie Monarch is weereens baie algemeen en strydig met die Afrikaanse toepassing van die naam, waar dit sekere *Terpsiphone* en ander Asiatiese spesies verteenwoordig.

n134. Boskoester

Die naam is reeds in gebruik vir die voormalige Miombokoester.

n135. Waterfiskaal

'n Vereenvoudiging van Suidelike waterfiskaal, aangesien slegs een spesie in die oorgrote deel van Suid-Afrika gevind word.

Presedent: E.L. Gill, 1936, en Roberts 1 tot 4 gebruik Waterfiskaal, sien ook EJM Baumbach, 2006.

Reël 7: Vereenvoudiging.

n136. Rooiborsfiskaal

In volksmond is fiskaal en laksman byna sinoniem, en Tjagras word soms ook fiskale genome, sien EJM Baumbach, 2006. Om egter verwarring op die groter skaal uit te skakel behoort Laksmanne tot die groot genus *Lanius* (16 spesies in Afrika), en Fiskale uitsluitlik tot die ewegroot genus *Laniarius* (18 spesies). Die twee genera is nie so naverwant as wat die Latynse name mag suggereer nie.

Groepnaam: Laksmann word egter as oorkoepelende groepnaam gebruik vir verskillende spesies wat nie presies onder die voorgaande genera sorteer nie.

Presedent: Roberts 1 tot 4 gebruik Rooiborsfiskaal. Tot 1991 of later word dit in gedrukte vorm opgemerk.

n137. Indiese maina

Asië het 'n goeie verskeidenheid Mainas (± 16 spesies), *Sturnus* sprees (± 17 spesies) en ander spreeuagtiges (± 11 spesies). Om hulle voor die voet sprees te noem, bemoeilik spesiebenaming en ontken die verskeidenheid wat daar voorkom. Die plaaslike spesie word vernoem na die gebied van oorsprong, alhoewel dit ook vanaf Iran tot Sjina gevind kan word, en oorvleuel met die verspreiding van bv. die Bankmaina. Die beskrywer Indiese word behou as paslike teenstelling vir Javaanse, die naam van 'n ewe algemene spesie in suid Asië.

Presedente: Die spesie word reeds in die volksmond so genoem. Die groepnaam is van Hindiese oorsprong, en Europese name is *Ned:* Maina, *Dts:* Maina, *Fr:* Martin / Mainate en *Eng:* Myna.

n138. Glansspreeus

Die lys veronderstel dat eenvoudiger name Afrikaanse gebruik bevorder, spesifiek onder beginners, en dat vorige ellelange name nie bydra tot 'n beter assosiasie nie. Name van sekere Glansspreeus binne en buite die SA streek is as te lank beskou.

Die voorstel is dat die naam Spreeu outomaties na 'n Glansspreeu sal verwys, tensy die b.n.w. dit duidelik uitsluit, soos Witbors-, Witgat- en Lel-. Daar word voorgestel dat 'Glans'spreeu slegs behou word vir een spesie wat algemeen en wydverspreid in SA voorkom, *L. nitens*, soos by die Engelse lys.

Net een soort Blouoorspreeu word algemeen in die RSA gevind, en die naam van die plaaslike spesie word dan vereenvoudig. Die voorstel is:

1. **Blouoorspreeu** *L. chalybaeus*
2. **Klein-blouoorspreeu** *L. chloropterus*
3. **Miombo-blouoorspreeu** *L. elisabeth*

Presedent: OPM Prozesky het die 'glans'-benaming van sekere glansspreeus uitgelaat, maar dit behou by twee spesies, *L. nitens* en *L. australis*. Vgl. ook die Engelse lys wat dieselfde gebruik volg.

Reël 7: Vereenvoudiging.

n139. Perssuikerbekkie

Die sg. 'Blou'suikerbekkie is een van drie soortgelyke spesies wat as volg benoem word, in 'n poging om hul onderskeie kleure akkuraat weer te gee.

1. **Perssuikerbekkie** *Anthreptes longuemarei*
2. **Purpersuikerbekkie** *Anthreptes orientalis*

3. Violetsuikerbekkie *Anthreptes neglectus*

Die naam 'Witbors' suikerbekkie is ook voorgestel, maar bg. spesies het almal 'n wit buikkleur. 'Witbors'- is egter geskik as 'n groepnaam vir die troika. Daar is ook oorweging geskenk om hierdie spesies 'Kortbekkies' te noem, maar o.m. ter wille van kontinuïteit word lg. naam slegs op sekere spesies buite die streek toegepas.

Presedent: O.P.M. Prozesky gebruik Persrugsuikerbekkie.

n140. Groenglasogie

Die naam Kaapse glasogie word gereserveer vir die Kaapse rasse van die Groenglasogie (*Z. capensis* et al) wat 'n grys pens het. Die glasogies in Pretoria kan beswaarlik 'Kaapse' genoem word, maar beide groepe kan 'Groen'- genoem word.

Presedente: *Ltn: virens*, d.w.s. groen; E.L. Gill: 'Groen glasogie' vir *Z. virens virens*.

n141. Kastaiingwewer

Die naam 'Bruin'wewer weerspieël nie die kastaiing kleur van die mannetjies nie. Internasionale lyste vereis tipies groter akkuraatheid. Deur fotos is vasgestel dat die kleur inderdaad kastaiing is.

Presedente: Roberts 1 tot 3 gebruik 'Kastaiing-kleur wewer'. *Ned:* Kastanjewewer

n142. Swartkeelwewer

Swartkeel'geelvink' onderbreek die eenvormigheid van die wewer-groepnaam. Soos Laksman en Fiskaal word Wewer en Vink wel in Afrikaans om die beurt gebruik vir dieselfde voëls. E.L. Gill gebruik beide Vink en Wewer vir Wewers, en OPM Prozesky gebruik Vink vir alle spesies. Binne die Afrika-konteks word voorgestel:

1. Wewers *genus Ploceus* (60+ spesies)
2. Vinke *genus Euplectes* (8 Vinke en 9 Flappe)

Buite Afrika word die woord Vink volgens die Nederlandse presedent veral vir die *Fringillidae* familie gebruik, sien ook die Beukvink.

Presedent: Vir die Kleinwewer gebruik OPM Prozesky 'Kleingeelvink' i.p.v. Klein-swartkeelgeelvink.

n143. Saffraanwewer

Die voorstel is dat die Engelse name, waaruit die Afrikaanse name vertaal is, nie verder nagevolg word nie. *P. subaureus*, soos die Latynse naam ook aandui, is die spesie met 'n duidelike goue kleur, nie *P. xanthops* nie. *P. xanthops* is geelgroen tot saffraankleurig, veral na die noorde. Wat Europese tale betref staan die Engelse name hier alleen in hul omgekeerde toepassing by hierdie twee spesies. Hierdie omgekeerde benaming het moontlik sy oorsprong by Roberts en daar word inderdaad voorgestel dat die Engelse name hier ook aandag geniet. Om verwarring te voorkom word die naam Geelwewer nie voorgestel nie.

Spesies:

Die Goudwewers is drie kleinerige, goudkleurige spesies wat grootliks langs die Afrikaanse ooskus aangetref word:

1. **Goudwewer** *Ploceus subaureus* (African Golden)
2. Palmgoudwewer *Ploceus bojeri* (Golden Palm)
3. Tavetagoudwewer *Ploceus castaneiceps* (Taveta Golden)

Die Saffraanwewer lyk na 'n noordelike ekwivalent van die Kaapse wewer, is groterig in proporsie en is redelik beperk tot die Afrikaanse plato:

4. **Saffraanwewer** *Ploceus xanthops* (Holub's)

Presedente:

1. Vir **Goudwewer** (*P. s.*), a) *Oos-Afrikaanse Eng*: African Golden Weaver (sien PL Britton, 1980, Zimmerman et al, 1996), b) *Ned*: Goudwever, *Dts*: Goldweber, c) *Dns*: Gylden væver, d) *Fr*: Tisserin doré, (doré = goue, gilde of vergulde) d.w.s. almal Goudwewer, en e) *Ltn*: *subaureus*.
2. Vir **Saffraanwewer** (*P. x.*): a) *Ned*: Saffraanwever, b) *Dts*: Safranweber, c) *Dns*: Safrangul Væver, d.w.s. Saffraangeelwewer. OPM Prozesky noem dit Groot-geelwewer in stede van Goudwewer.

n144. Oranjevlorkmelba

Die naam is reeds in gebruik vir die voormalige ‘Geelrug’melba.

n145. Melba

‘Gewone’ melba voldoen nie aan die norm wat vir ‘gewone’ gestel is nie. Die eenvoudige naam maak voorsiening vir latere afspleting van spesies. Volgens M. Sorense se genetiese ontleding (mtDNA filogenie) kan die Melba gemaklik na drie spesies afgespleyt word.

Presedent: ‘Gewone’ melba word eers in Roberts 5 ingevoer, en dan as ‘n opsie newens ‘Melbasysie’. Melbavink is die eerste Afrikaanse naam.

n146. Groenspoorpensie

Die naam ‘Kolpensie’ is ‘n onlangse skepping (vanaf Roberts 5), en is geskik vir die Rooi- en Rooskeelkolpensies, twee groter spesies waarvan die groterige penspikkels deurmekaar lê. Dit is minder gepas vir orige ‘Twinspots’, kleiner spesies in ander genera, wat nie direk aan bg. twee spesies verwant is nie. By die genera *Mandingoa*, *Clytospiza* en *Euschistospiza* lê die penspikkels in rye, is kleiner en in duidelike pare gerangskik en is soms in die vorm van bokspoortjies.

Die voorgestelde naam Spoorpensie suggereer dat die kolletjies twee-twee voorkom en soos ‘n spoor lê. Die groepnaam Spoorpensie word voorgestel vir 4 spesies.

Presedent: *Eng*: Twinspace; ‘Kolpensie’ word gebruik vanaf Roberts 5.

Nota: Die spesie word ook ‘n ‘Green-backed Twinspace’ genoem aangesien Green Twinspace mag suggereer dat die penspikkels groen is, en omdat die westelike rasse slegs na die rugkant groen gekleur is.

n147. Rooiwangwoudsyste

Die naam is reeds in gebruik in die plek van Rooirugsaadvretertjie. Die groepnaam Woudsyste word toegepas op die 4 *Cryptospiza* spesies.

n148. Oostelike saadbrekertjie

Die naam is reeds in gebruik in die plek van Rooistertsadvretertjie. Die groepnaam Saadbrekertjie word toegepas op die 3 *Pyrenestes* spesies.

n149. Angolasyse

Die naam Angolasyse is reeds in gebruik as een van twee alternatiewe, maar word behou as enigste en mees passende opsie. Die swart wang waarna die ‘Swartoog’syse vernoem is kom voor by alle gryssyses.

Reël 1: Een naam per spesie.

n150. Blouvinkies

Die getal erkende spesies in hierdie groep neem toe en onlangs is daar bewerings van ‘n nuwe Natalse spesie, die Sandveldblouvinkie. Die ‘Gewone’ Blouvinkie is in vele

dele van die streek nie die algemene Blouvinkie nie, maar slegs die kleurlose spesie. Alhoewel die been- en snawelkleure soms uitslag gee is daar ook variasie. Die naam ‘Witpoot’blouvinkie (vir Pers-) kan bv. maklik tot verwarring lei aangesien die bene dikwels pienk vertoon, soos die Sandveldblouvinkie, en ook byna soos die Swartblouvinkie. Ewe verwarrend is die feit dat die snawel van die Staalblou-spesie soms wit vertoon soos die Swart-spesie. Die voorstel is dat snawel- en beenkleure nie in benaming van die groep gebruik word nie.

Presedente:

1. **Swart-:** *Ltn: funerea*, *Eng: Dusky, Black*. OPM Prozesky gebruik Swartweduweetjie. ‘Gewone’ bestaan slegs vanaf Roberts 5.
2. **Pers-:** *Ltn: purpurascens*, *Eng: Purple*. ‘Witpoot’- bestaan net vanaf Roberts 5, en is blykbaar afgelei van die illustrasie eerder as die werklikheid.
3. Dat daar werklik verskillende spesie-spesifieke kleure op die swart veredrag voorkom is aangetoon deur Dr Robert B. Payne.

n151. Beukvink

In stede van ‘Gryskoppie’ word een van die Nederlandse volksname gebruik, naamlik Beukvink, wat verwys na die Beukboom, *Fagus sylvatica*, *Eng: European beech*, *Dts: Rotbuche*. OPM Prozesky het dit 'n Boegvink genoem, vernoem na die (Rooi-)buche, maar daar is uitgewys dat 'boeg' in Afrikaans nie na 'n boom verwys nie, daarom die ‘Beuk-’.

'n Kritiek is ontvang dat daar nie Beuke in Suid Afrika is nie, maar let daarop dat hierdie name deel uitmaak van 'n internasionale lys. Tot 'n groot mate kom die spesie wel in Beuke voor en die woord vink is ook baie belangrik.

Die *Fringilla*-vinke is die oorspronklike ‘vinke’, en die voorgestelde name vir die drie soorte is Beukvink, Blouvink en Bergvink. ‘Vinke’ is verder die voorgestelde groepnaam vir die *Fringillidae*-familie.

Presedente:

1. Roberts 4 gebruik ‘De Vink’, d.w.s. ‘die Vink’, wat as korrek beskou word. OPM Prozesky gebruik Boegvink.
2. Europese alternatiewe is: *Ned: Vink*, en *Ned-volksname: Beukvink, Boekvink, Bokvink, Veldvink, Blauwvink en Blauwkop*, *Dts: Buchfink*, *Sw: Bofink*.
3. EJM Baumbach, 2006, meld Boekvink, Bloedvink en Edelvink as volksname.

n152. Afrikaanse kanarie

Geeloogetkanarie lyk na ‘n direkte vertaling uit Engels, tensy die eerste Engelse naam uit Afrikaans vertaal is. Die Engelse naam is reeds verander. Volksname soos Kanarie, Groenkanarie en Geelgie los nie juis die situasie op nie, en Europese name is ewe onpassend. Verskillende moontlikhede is oorweeg en ‘Afrikaanse kanarie’ blyk die beste opsie te wees, weens die wye Afrikaanse verspreiding van die spesie.

n153. Swartkeelkanarie

Die sg. ‘Berg’kanarie is met die uitsondering van die droë Namibiese eskaarp nie juis ‘n bergvoël nie. Die belangrikste habitate in afnemende volgorde is Soetgrasveld, sentraal-Kalahari, Gemengde grasveld, Grasveldkaroo, vogtige bosveld, Okavango, Suurgrasveld, ensomeer, sien SABAP 1. Daar is nie juis ‘n volksnaam wat die situasie oplos nie.

‘Bergkanaries’ word voorgestel as groepnaam vir 5 soortgelyk gekleurde spesies wat in SA berge, langs die oos-Afrikaanse eskarpe, Libanese berge, in die Alpe en in die Kanariese eilande voorkom.

Presedente: *Ltn: atrogularis* = swartkeel, *Ned:* Zwartkeelkanarie, *Eng:* Black-throated.

n154. Palmkanarie

Die naam 'Geelbors'kanarie is toepaslik op meeste kanaries, nog meer so op spesies buite die streek. OPM Prozesky se naam Bleekkanarie is meer paslik, soos miskien ook *Eng:* 'Lemon'-, en *Ltn: citrinipectus*, wat 'n bleekgeel kleur uitwys. Wat egter baie kenmerkend aan die spesie is, is die assosiasie met palmbome, ook vir broei-gebruik. Die spesie is slegs vanaf 1960 bekend, en omtrent die habitat was 'n tyd daarna nog min bekend, sodat Roberts 4 en 5 bv. niks meld omtrent palms nie.

Presedent: Slegs vanaf Roberts 5 word 'Geelbors'- gebruik.

n155. Pietjies

Die twee spesies word soms in 'n aparte genus geplaas, en andersins saam met die kanaries. Nogtans is hulle effens verskillend in bv. veredrag en roep. Soos by ander spesies word hul habitat redelik misleidend weergee as Kaapse en Berg-. Beide is natuurlik in die berge te vinde. Die habitat van die 'Kaapse' spesie word weergegee as Fynbos (insluitend berge), Bergwoud en Vetplantkaroo, lg. area waarskynlik as winterbesoeker uit die berge. Die 'Berg'-spesie se habitat word aangegee as feitlik net Alpyense grasveld (in die Drakensberge), sien SABAP 1. Die voorstel is dan:

1. Drakensbergpietjie *C. symonsi*
2. Fynbospietjie *C. totta*

Presedent: E.L. Gill meld die naam as 'Peachy' en Pietjie-kanarie. Lg. is duidelik 'n geleerde samestelling van voorgenoemde.

n156. Saadvreters

In Engels word dikwels onderskeid getref tussen die valerige 'Seedeaters' waarby besonder welluidende stemme ontbreek, en die 'Canaries' wat helderkleurig is en altyd goeie sangers is. Buite die SA streek is hierdie onderskeid meestal ook duidelik te maak. Die streek se Kanaries word verdeel in 3 Saadvreters en 9 Kanaries ter wille van makliker benaming en beter onderskeid van fisiese kenmerke. Binne Afrika is daar 12 Saadvreters en meer as 20 kanariesoorte.

Presedent: Engelse name; Roberts 1 tot 4 benoem meeste Saadvreters as 'Sysies' en meeste Kanaries as 'Kanaries', alhoewel nie konsekwent nie.

Nota: In hierdie geval word die spesies nie volgens genetiese verwantskap benoem nie. Die 1998 studie 'Rapid Radiation of Canaries', deur Arnaiz-Villena en ander, dui aan dat die Saadvreters nie geneties van kanaries onderskeibaar is nie.

Eindnota:

Daar is natuurlik ook besluite geneem rakende die spesies wat nie deur bostaande voorstelle geraak word nie. By groepe soos bv. Kakelaars (sien n95) en Boskruipers, is sekere internasionale name ten gunste van die plaaslike naam aangepas. So is ook by die gevalle waar geen voorstel volg nie, wel beslis dat die bestaande naam 'n passende, werkbare opsie is vir 'n internasionale lys.